Toestande in die kapitaalmark het in die eerste vyf maande van 1994 lewendig gebly. Die nominale waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het nuwe rekordvlakte bereik en die omset van genoteerde aandele was ook besonder hoog. In die primêre kapitaalmark het die bedrywigheid ten opsigte van nuwe uitgiftes deur leners in sowel die openbare as die private sektor egter betreklik lae vlakke in die eerste kwartaal getoon. Hierdie nuwe uitgiftes was op lae vlakke omdat die regering reeds sy tekort voor lenings vir die fiskale jaar 1993/94 gefinansier het en omdat die meeste groot genoteerde maatskappye betreklik likwied was en nog nie met betekenisvolle investeringsprogramme begin het nie.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1993/94 was desnieteenstaande buitengewoon groot vanweé spesiale oordragte van die regering om skuld af te los wat oor 'n betreklike lang tydperk opgeloop het. Staatskuld het gevoldiglik in hierdie fiskale jaar met R37,5 miljard toegeneem na 'n verhouding van 48,7 persent van die bruto binnelandse produk aan die einde van Maart 1994. Bykans twee uit elke tien rand wat deur die staat verdien word, moet nou gebruik word om rentebetalings op die toenemende staatskuld te finansier.

Die staat was egter baie suksesvol om owerheidsuitgawes in die fiskale jaar 1993/94 in bedwang te hou en dit het na aan die begrotingsramings gekom. Die meeste van die belangrikste kategorieë van staatsinkomste het ook min of meer in ooreenstemming met verwagtings gevaar of beter as wat in die Begroting voorsien is, met die opmerklike uitsondering van inkomstbelasting op individue en maatskappye. Die laer-as-verwagte inkomste uit persoonlike inkomstbelasting het hoofsaaklik verband gehou met die laer koers van toename in salaris en lone as wat in die Begroting verwag is. Die opbrengs van inkomstbelasting op maatskappye het in die fiskale jaar 1993/94 in werklikheid afgeneem vanweé die betreklik lae winste wat nog aan die begin van die ekonomiese herstelfase behaal is en die tydsloering tussen die toename in winste en die ontvangste op maatskappybelasting.

## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

### Binnelandse produksie<sup>1</sup>


Die groei in die reële bruto binnelandse produk het in die eerste kwartaal van 1994 negatief geword. Die hersiene koers van toename in die reële binnelandse produk (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het van 2½ persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 5 en 7 persent in die daaropvolgende twee kwartale versnel, en in die vierde kwartaal op 'n steeds hoë vlak van 5 persent te staan gekom. Huidige ramings toon dat die binnelandse produksie in die eerste kwartaal van 1994 teen 'n jaarkoers van ongeveer 3½ persent afgeneem het. Teen 3 persent bô die vlak in die eerste kwartaal van 1993, was die vlak van die binnelandse produksie in die eerste kwartaal van 1994 nietemin steeds betreklik hoog.

Die swak vertoning van die totale produksie in die eerste kwartaal van 1994 was in 'n groot mate te wye aan 'n afname in die landbouproduksie. Die reële toegevoegde waarde van die landbou het gedurende 1993 meer as verdubbel as gevolg van die groot mielie- en koringoeste, maar dit is gevolg deur 'n daling in die landbouproduksie in die eerste kwartaal van 1994 tot ongeveer dieselfde vlak as die gemiddelde produksie van die voorafgaande vier jare. As gevolg van die gunstige 1993/94 seisoen in die somerreënvalgebied, kan die afaartse beweging in die landbouproduksie nietemin maklik gedurende die volgende twee kwartale omgekeer word.

Groei in die reële toegevoegde waarde van die sektore buite die landbou, wat in die eerste helfte van 1993 betreklik laag was maar in die tweede helfte van die jaar sterker vertoon het, het in die eerste kwartaal van 1994 weer verlangsaam. Die reële produksie buite die landbou het in die eerste kwartaal van 1994 teen 'n jaarkoers van slegs ½ persent toegeneem, teenoor 'n toename teen 'n jaarkoers van 2 persent in die voorafgaande kwartaal. In teenstelling met die vierde kwartaal van 1993, toe al die belangrike sektore van die ekonomie buite die landbou positiewe groei getoon het, is afnames in die reële produksie van die mynbou, die fabriekswese en die handel aangeteken.

Ná 'n skerp toename teen 'n koers van meer as 2 persent in 1993, het die reële produksie van die mynboubedryf in die eerste kwartaal van 1994 teen 'n jaarkoers van 2½ persent afgeneem. Goudproduksie het in die besonder verminder vanweé 'n laer tonnemaat erts wat vergnis is en 'n klein afname in die goudinhoud van erts wat gemaal is. Soos in die verlede, het die goudmyne met die toename in die randprys van goud na die

### Reële bruto binnelandse produk



ontginning van erts met 'n laer goudinhoud omgeskakel. Mynbouproduksie is in die algemeen ook deur arbeidsonrus en werkstopsettings by 'n aantal myne benadeel.

Die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese-sektor het in die eerste kwartaal van 1994 teen 'n jaarkoers van nagenoeg 1 persent gedaal; in die tweede helfte van 1993 het dit nog tekens van 'n voortgesette herstel getoon. Die swak vertoning van die fabrieksprouksie aan die begin van 1994 was veral waarmeebaar in die bedrywe wat tekstiele, klerasie en leerprodukte, papier- en drukwerkprodukte, en masjinerie- en vervoertoerusting produseer. Dit het in 'n sekere mate verband gehou met onsekerhede wat in die tydperk voor die verkiesing bestaan het, die laer vraag na uitvoere en effense hoë vlakke van voorrade aan die einde van 1993. Berigte dui ook daarop dat die produksie van vervoertoerusting deur hoë afwesigheid en geweld benadeel is. Die ander onderafdelings van die fabriekswese het nogtans steeds goed gevaaar, danksy 'n verbeterde binnelandse en buitelandse vraag na hul produkte.

Die verdere uitbreiding van elektrisiteitsdienste was in die eerste kwartaal van 1994 hoofsaaklik verantwoordelik vir 'n toename teen 'n jaarkoers van 3 persent in die reële toegevoegde waarde van die sektor wat elektrisiteit, gas

<sup>1</sup> Omvattende hersienings is aan die gegewens met betrekking tot die nasionale rekeninge aangebring en die basisjaar vir die berekening van totale teen konstante pryse is na 1990 verander. Hierdie hersienings word bespreek in "Suid-Afrika se nasionale rekeninge, 1946-1993", wat as 'n bylaag tot hierdie uitgawe van die Kwartaalblad verskyn.

en water voorsien. In 1993 was die groei in die reële produksie van hierdie sektor teen bykans 4 persent nóg sterker. Die reële toegevoegde waarde van die konstruksiesektor het ook in die eerste kwartaal van 1994 'n geringe toename getoon, ná een van die ergste en langste dalings wat hierdie bedryf sedert die Groot Depressie ervaar het.

Die groei in die reële toegevoegde waarde van die tersiëre sektore het teen 'n bestendige jaarkoers van 1 persent in die eerste kwartaal van 1994 gestyg, oftewel teen dieselfde koers as wat in die tweede helfte van 1993 aangeteken is. Die voortgesette lewendige finansiële bedrywigheid, 'n skerp stygging in vaste eiendoms-transaksies, 'n groot hoeveelheid invoere en verbeterde landboutoestande het 'n belangrike bydrae gelewer tot die toename in die reële toegevoegde waarde van die sektore soos vervoer, opberging en kommunikasie; finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste; en die algemene owerheid. Hierdie toenames is egter gedeeltelik deur 'n inkrimping in die reële toegevoegde waarde van die handel teengewerk, wat 'n weerspieëeling was van die invloed wat geweld in verskeie dele van die land op die handel gehad het.

### Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die eerste kwartaal van 1994 'n verdere toename getoon, maar teen 'n heelwat laer koers as in die tweede helfte van 1993. Ná betreklik hoë toenames teen jaarkoerse van 10½ en 7 persent in die laaste twee kwartale van 1993, het die reële binnelandse besteding in die eerste

kwartaal van 1994 met 2½ persent toegeneem. Hierdie stadiger groei in die reële bruto binnelandse besteding kon in die reële private verbruiksbesteding en investering in voorrade waargeneem word. In teenstelling hiermee, het die bruto binnelandse vaste investering 'n geringe stygging getoon, terwyl die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid merkbaar toegeneem het.


Die toename in die reële *private verbruiksbesteding* het van jaarkoerse van 2 en 2½ persent in die derde en vierde kwartaal van 1993 tot 'n koers van bykans 1 persent in die eerste kwartaal van 1994 verlangsaam. Hierdie meer trae groei in die verbruiksbesteding van huishoudings was in meeste van die belangrikste kategorieë van goedere en dienste waarneembaar. Hoewel die reële besteding op persoonlike vervoertoerusting in die eerste kwartaal van 1994 matig gestyg het, was dit steeds ongeveer 2½ persent onder die vlak wat in die eerste kwartaal van 1993 aangeteken is.

Die verlangsaming in die groei van die reële private verbruiksbesteding was die gevolg van groter onsekerheid wat die verkiesing voorafgegaan het, wat op sy beurt die verbruikersvertroue gedemp het. Dit was ook 'n weerspieëeling van die betreklik lae groei in die reële persoonlike beskikbare inkomne en slegs 'n geringe toename in huishoudings se vraag na krediet. Vooruitaankope deur private huishoudings in afwagting van moontlike ontwrigtings in die aanbod van verbruikersgoedere op die voorraad van die verkiesing het eers gedurende die einde van die eerste kwartaal sigbaar geword. Dit was toe egter reeds te laat om enige betekenisvolle uitwerking op die totale reële besteding aan private verbruik in die eerste drie maande van die jaar te hê.



Koerse van toename van kwartaal tot kwartaal in die reële *verbruiksbesteding van die algemene owerheid* het skerp gestyg tot hersiene jaaylakte van 1½ persent in die tweede kwartaal van 1993, 6 persent in die vierde kwartaal en 9½ persent in die eerste kwartaal van 1994 (hoofsaaklik vanweé die hoér besteding deur die provinsiale administrasies aan intermediére goedere en dienste as wat voorheen gerapporteer is). Hierdie versnelling kan grotendeels aan 'n betekenisvolle toename in die reële besteding aan intermediére goedere en dienste toegeskryf word, terwyl die reële vergoeding van werknemers slegs effens uitgebrei het. In die fiskale jaar 1993/94 in die geheel het die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid met ongeveer 3 persent gestyg; in die fiskale jaar 1992/93 is 'n toename van 1 persent aangeteken. Die owerheidsverbruiksbesteding in verhouding tot die bruto binnelandse produk het dus voortgegaan om oor dieselfde tydperk van 20½ tot 21 persent te styg.

Die totale reële bruto binnelandse vaste investering het na raming in die eerste kwartaal van 1994 verder toegeneem. Nadat die reële besteding aan vaste kapitaalvorming variaf die middel van 1988 awaarts geneig het, het dit in die laaste twee kwartale van 1993 teen jaarkoerse van 1 en 2½ persent en in die eerste kwartaal van 1994 teen 1½ persent gestyg. Die verdere

### Reële bruto binnelandse besteding



### Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



toename in die eerste kwartaal van 1994 is deur 'n uitbreiding in die reële besteding aan kapitaalgoedere deur die private sektor en openbare korporasies teweeggebring; die kapitaalbesteding deur die algemene owerheid het egter skerp gedaal.

'n Verdeling van die reële kapitaalbesteding deur die private sektor volgens die soort ekonomiese bedrywigheid dui daarop dat die toename in die eerste kwartaal van 1994 wydverspreid voorgekom het. Kapitaalbesteding van veral die landbou, die mynbou en ondernemings in die fabriekswese het merkbaar gestyg.

Hoëre reële vaste investering in die landbousektor is moontlik gemaak deur 'n styging in inkome wat deur verbeterde klimaatstoestande meegebring is. Die behoefte om verouderde landbou-equipement te vervang het ook tot groter kapitaalbesteding geleid. Die toename in kapitaalvorming deur die mynbou- en die fabriekswese sektor was, onder ander, hoofsaaklik 'n weer-spieeling van die besteding aan groot kapitaalprojekte waarmee gedurende 1993 begin is, die vervanging van bates, en uitbreidings in die produksievermoë in afwagting van 'n toename in die binnelandse en buitelandse vraag.

Die toename in die reële vaste kapitaalvorming deur die openbare korporasies het hoofsaaklik voorgekom in die sektor wat verantwoordelik is vir vervoer en kommunikasielawes en meer bepaald vanweë die infrastruktuurprojekte wat deur Telkom onderneem is. (Transnet, Telkom en die Suid-Afrikaanse Poskantoor is in die jongste hersiening van die nasionale rekeninge ingedeel as openbare korporasies pleks van sakeondernemings van die algemene owerheid.) Die surplus produksievermoë van die ander openbare korporasies was grotendeels vir die voortgesette traie reële vaste kapitaalbesteding deur hierdie instellings in die eerste kwartaal van 1994 verantwoordelik.


Die afname in die reële bruto binnelandse vaste investering deur die algemene owerheid is deur verdere besnoeiings in die kapitaalbesteding van die sentrale regering en plaaslike owerhede veroorsaak. Die vlak van die vaste investering deur die algemene owerheid was in die eerste kwartaal van 1994 21 persent onder die hoogtepunt in die eerste kwartaal van 1989.

Die matige toename in die reële *investering in voorrade* in die eerste kwartaal van 1994 was die derde agtereenvolgende kwartaalklike toename in hierdie totaal. Dit het gevolg op 'n feitlik ononderbroke vermindering in die voorrade sedert die begin van 1989 tot aan die einde van 1992. Die opbouwing van voorrade in die eerste kwartaal van 1994 het saamgeval met 'n toename in die hoeveelhede van die invoer en 'n betekenisvolle afname in die vraag na uitvoere, en was veral opvallend in die mynbou- en fabriekswese sektor sowel as in die landbouvoorraad in die handel. As gevolg van hierdie verdere toename, het die verhouding van die nywerheids- en handelsvoorraad tot die bruto binnelandse produk in die tweede helfte van 1993 uitgevlak teen die baie lae koers van 16 persent en in die eerste kwartaal van 1994 effens tot minder as 16% persent opgeskuif.


### Faktorinkome

Die groei in die totale *nominale faktorinkome* teen mark-pryse oor 'n tydperk van twaalf maande, wat van 'n lae koers van 9% persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 12% persent in die vierde kwartaal van 1993 gestyg het, het in die eerste kwartaal van 1994 tot 12 persent verlengsaam. Hierdie laer groeikoers in die faktorinkome kan aan die stadiger groei in die totale arbeidsvergoeding sowel as in die totale bruto bedryfsurplusse toegeskryf word.

### Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



### Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



### Binnelandse besparing

Die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk het in die eerste kwartaal van 1994 van die reeds laevlak van 17 persent in 1993 tot ongeveer 16 persent teruggesak. Die vernaamste rede vir hierdie laevlak van binnelandse besparing was nog steeds die groot ontsparing deur die algemene owerheid. Die ontsparing deur die algemene owerheid het in die eerste kwartaal van 1994 verder gestyg omdat die toename in die lopende besteding die toename in die lopende inkomme oorskry het. Die rente op staatskuld en verbruiksbesteding deur die owerheid in die besonder, het skerp gestyg.

Netto besparing deur die private sektor, wat gedurende 1993 betreklik stewig gebly het, het in die eerste kwartaal van 1994 effens verswak. As gevolg van die betreklik goeie vertoning van die bruto bedryfsurplus van die geïnkorporeerde sakeondernemings in die sektore van die ekonomie buite die landbou, het die netto besparing van die maatskappysektor in die eerste kwartaal van 1994 'n geringe verdere toename getoon. Hierdie toename is egter teengewerp deur die laer persoonlike besparing, as gevolg van die afname in die reële inkomme uit eiendom.

### Werkverskaffing

Die herstel in die ekonomiese bedrywigheid in 1993 was nie in staat om die afwaartse beweging in werkverskaffing om te keer nie. Die koers van afname in die gemiddelde vlak van die werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou het in werklikheid ietwat

versleg van 2,1 persent in sowel 1991 as 1992 tot 2,5 persent in die eerste drie kwartale van 1993 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Die getal werkgeleenthede in die formele sektor buite die landbou het van die eerste kwartaal van 1989 (die aanvang van 'n uitgerekte resessietydperk) tot die derde kwartaal van 1993 (die jongste inligting beskikbaar) met naastenby 410 000 afgeneem; bykans 8 uit elke 100 poste het derhalwe gedurende hierdie tyd oorbodig geraak.

Die gemiddelde vlak van die werkverskaffing in die private sektor was in die eerste drie kwartale van 1993 ongeveer 2,5 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1992; dit het in 1991 met 3,6 persent en in 1992 met 3,1 persent gedaal. Die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die werkverskaffing deur die private ondernemings (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het aanvanklik verminder van 5,7 persent in die derde kwartaal van 1992 tot 1,0 persent in die vierde kwartaal; dit het daarna versnel tot 3,3 persent in die tweede kwartaal van 1993 voordat dit in die derde kwartaal weer tot 1,7 persent verlangsaam het.

As gevolg van 'n besnoeiing van die lopende besteding van die algemene owerheid en die rasionaliseringsprogramme wat deur die sakeondernemings in die openbare sektor ingestel is, het die totale werkverskaffing



deur die openbare owerhede in 1993 met 2,4 persent afgeneem. Aansienlike dalings van kwartaal tot kwartaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 5,1 persent en 8,3 persent is in die eerste twee kwartale van 1993 aangeteken. In die derde kwartaal van 1993 het die werkverskaffing deur die openbare owerhede min of meer onveranderd op die vlak van die voorafgaande kwartaal gebly en daarna in die vierde kwartaal met 2,0 persent (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) toegeneem as gevolg van 'n groot toename in die werkverskaffing deur die selfregerende gebiede.

Die daling in die werkverskaffing gedurende die resessie van 1989-1993 het aanleiding gegee tot 'n toenemende aantal geregistreerde werkloses. Die gemiddelde getal geregistreerde werkloses het in 1992 met 16,2 persent en in 1993 met 8,8 persent toegeneem. Dit het die totale getal geregistreerde werkloses in Desember 1993 op nagenoeg 290 000 te staan gebring.

#### Arbeidskoste en produktiwiteit

Die uitwerking van die uitgerekte resessie op werkverskaffing het in 1993 tot meer matige looneise aanleiding gegee. Die koers van toename in die *nominale vergoeding per werker* het aansienlik afgeneem van 15,4 persent in 1992 tot 'n koers oor vier kwartale van 11,1

#### Werkverskaffing in nie-landbousektore



#### Gemiddelde vergoeding per werker in nie-landbousektore



persent in die eerste nege maande van 1993. Hoewel hierdie koers steeds die huidige koers van die verbruikersprysinflasie oorskry, was dit nietemin die laagste styging sedert 1978 toe 'n toename van 10,6 persent aangeteken is. Die kwartaallikse koerse het selfs 'n meer betekenisvolle daling in die groei van die lone per werker getoon: gemeet oor tydperke van vier kwartale het dit afgeneem van 'n hoogtepunt van 19,4 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 10,2 persent in die derde kwartaal van 1993.


Die koers van toename in die gemiddelde nominale vergoeding per werker in die *private sektor* het in die eerste drie kwartale van 1993 11,3 persent beloop vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Dit was aansienlik laer as die toename van 15,6 persent in 1992. Die koers van toename oor vier kwartale in die lone per werker in die private sektor het afgeneem van 'n hoogtepunt van 18,5 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 10,5 persent in die derde kwartaal van 1993. Hierdie aansienlike verlangsaaming in die toenames van die private sektor se lone was die gevolg van lae loonstygings in die meeste van die ekonomiese sektore. Voortgesette hoë koerse van toename in die lone per werker is egter in die kleinhandel, die private padvervoer, banke en die versekeringsbedryf aangeteken.

Die koers van toename in die gemiddelde maandelikse nominale salaris en lone per werker in diens van die *openbare owerhede* het selfs skerper verlangsaam van 21,9 persent in 1989 tot 14,8 persent in 1992 en tot 9,3 persent in 1993. Die koers van toename oor vier kwartale in die lone per werker in diens van die openbare owerhede het ook aansienlik gedaal, naamlik van 22,5 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot 5,4 persent in die vierde kwartaal van 1993.

Omdat die groei in die nominale lone vinniger afgeneem het as die inflasiekoers, het die koers van toename in die *reële loon* per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou afgeneem van 2,8 persent in 1992 tot 0,9 persent in die eerste drie kwartale van 1993 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1992. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker het selfs skerper gedaal van 'n hoogtepunt van 3,9 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 'n negatiewe vlak van 0,2 persent in die tweede kwartaal van 1993; daarna het dit egter weer toegeneem tot 'n positiewe vlak van 0,9 persent in die derde kwartaal.

Die *arbeidsproduktiwiteit* het gedurende die eerste nege maande van 1993 aansienlik verbeter toe dit 2,5 persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Hierdie groei in produktiwiteit is 'n voortsetting van 'n opwaartse beweging wat reeds sedert die einde van 1991 waarneembaar was: die koers van toename oor vier kwartale in die produksie per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou het versnel van 0,5 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 1,8 persent in die eerste kwartaal van 1993 en

### Arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



selfs skerper tot 3,1 persent in die derde kwartaal van 1993. Die goeie vertoning van produktiwiteit gedurende die eerste nege maande van 1993 is gerugsteun deur die feit dat die aantal mandaie wat weens stakings en werkstopsettings verloor is, ongeveer 60 persent laer was as in die eerste drie kwartale van 1992.

Die stadiger groei in die nominale lone en 'n toename in die produksie buite die landbou het veroorsaak dat die *nominale arbeidseenheidskoste* stadiger toegeneem het. Nadat die koers van toename in die nominale arbeidseenheidskoste in die sektore van die ekonomie buite die landbou van 17,2 persent in 1989 tot 13,8 persent in 1992 afgeneem het, het dit gedaal tot 8,3 persent in die eerste drie kwartale van 1993 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1992. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale arbeidskoste per eenheid fisiese produksie het ewe betekenisvol afgeneem van hoogtepunte van 15,4 persent in die vierde kwartaal van 1991 en 15,0 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 6,9 persent in die derde kwartaal van 1993 – die laagste vlak sedert die tweede kwartaal van 1978.

As gevolg van die laer koerse van toename in die reële vergoeding per werker en 'n verbetering in die produktiwiteit, het die *reële arbeidseenheidskoste* in die sektore van die ekonomie buite die landbou in die eerste drie kwartale van 1993 met 1,6 persent gedaal teenoor die ooreenstemmende tydperk van 1992. Op 'n kwartaallikse grondslag, het die reële arbeidseenheidskoste, gemeet oor tydperke van vier kwartale, ook negatiewe koerse van verandering van onderskeidelik 2,9 persent en 2,1 persent in die tweede en derde kwartaal van 1993 getoon.

### Pryse

Sowel die omvattende produksieprysindeks as die omvattende verbruikersprysindeks neem oor die

algemeen reeds vir 'n geruime tyd teen enkelsyferkoerse toe. Eksogene faktore soos die betreklike bestendigheid van prysse in handelsvennootlande, laer internasionale olieprysse en beter landboutoestande het onteenseeglik tot hierdie laer inflasie bygedra. Die verhoogde finansiële bestendigheid moet egter in 'n groot mate toegeskryf word aan die konsekwente toepassing van 'n konserватiewe monetêre beleid wat inflasieverwagtings geleidelik gedemp het. 'n Toename in die buigsaamheid van lone het ook bygedra tot die verlangsing van die prysinflasie.


In nege-en-twintig agtereenvolgende maande tot en met Maart 1994 het die koers van toename oor twaalf maande in die omvattende produksieprysindeks op enkelsyfervlakte gebly. Hierdie koers van toename het boonop onlangs van 8,3 persent in Februarie 1993 tot 5,4 persent in Oktober gedaal – die laagstevlak sedert Januarie 1972 toe 'n toename van 4,8 persent aangeteken is. Daarna het dit weer opwaarts beweeg tot meer as 6 persent en in Maart 1994 het dit 6,3 persent beloop. Die uitvlakking in die afwaartse beweging van inflasie in die produksieprys was grotendeels die gevolg van 'n versnelling in landbou- en ander voedselprysse, in die besonder die prys van rooivleis. 'n Laer aanbod van lewende hawe op die mark as gevolg van die goele beskikbare weiding na die hoë reënval in die grootste gedeelte van die land, het die prys van vleis opgestoot.

Voedselprysse was ook verantwoordelik vir 'n ommekeer in die afwaartse beweging in die koers van toename in die prysse van binnelandse geproduceerde goedere. Nadat dit van 9,0 persent in Februarie 1993 tot 5,7 persent in Oktober verlangsaam het, het die koers van toename in hierdie prysse oor tydperke van twaalf maande vinnig gestyg tot 7,3 persent in Januarie 1994; daarna het dit weer ietwat afgeneem tot 6,9 persent in Maart.

Die koerse van toename oor tydperke van twaalf maande in die prysse van ingevoerde goedere was ook sedert Oktober 1991 minder as 10 persent en het die gemete inflasiekroes in die omvattende produksieprysindeks tot en met Maart 1994 by slegs een geleenthed oorskry, naamlik in Junie 1993. Ondanks die depresiasiie in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand, het die koers van toename oor twaalf maande in die prysse van ingevoerde goedere afgeneem van 'n jongste hoogtepunt van 6,8 persent in Junie 1993 tot 2,7 persent in Maart 1994. Hierdie betreklik lae koerse van toename is aangeteken hoofsaaklik as gevolg van die voortgesette bestendigheid van prysse in Suid-Afrika se vernaamste handelsvennootlande en 'n daling in die internasionale ruolieprysse. Die koers van toename oor twaalf maande in die geweegde gemiddelde groot-handelsprysindeks van Suid-Afrika se ses vernaamste handelsvennootlande het afgeneem van 1,9 persent in Junie 1993 tot slegs 0,9 persent in Maart 1994.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende produksieprysindeks en in die prysindeks van binnelandse geproduceerde goedere het in 1993 ook 'n duidelik afwaartse beweging getoon voordat dit in die

## Verbruikerspryse



eerste kwartaal van 1994 weer aansienlik toegeneem het. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prysse van ingevoerde goedere het egter van die tweede kwartaal van 1993 af skerp afgeneem en daarna in die vierde kwartaal van 1993 negatief geword. In die eerste kwartaal van 1994 is 'n klein koers van toename in invoerpryse weer aangeteken ofskoon die rand aansienlik gedepresieer het. 'n Daling in internasionale oliepryse het die uitwerking van 'n laer randwisselkoers op invoerpryse in 'n mate teenwerk.

Die koers van toename oor twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks het afgeneem tot 'n enkelsyfervlak van 9,6 persent in Desember 1992 – die eerste keer sedert Junie 1978 dat hierdie koers tot laer as 10 persent gedaal het. Met die uitsondering van die tydperk van April tot Junie 1993, het hierdie koers van toename in die daaropvolgende maande tot en met April 1994 ook in enkelsyfers gebly. Van September 1993 tot Januarie 1994 het hierdie groeikoers effens opwaarts beweeg van 9,1 persent tot 9,9 persent voordat dit weer afgeneem het tot 9,0 persent in Maart. In April 1994 het die koers van toename in die verbruikerspryse oor 'n tydperk van twaalf maande tot 7,1 persent gedaal toe hierdie prys nie meer verder beïnvloed is deur die verhoging in April 1993 van die belasting op toegevoegde waarde en ander indirekte belastings nie.

Van Augustus 1993 tot Maart 1994 was die koers van toename in die prysen van verbruikersgoedere oor tydperke van twaalf maande betreklik bestendig rondom 'nvlak van ongeveer 9 persent; dit het daarna egter afgeneem tot 6,8 persent in April 1994. Aan die ander kant het die koers van toename oor twaalf maande in die prysen van verbruikersdienste 'n duidelik opwaartse beweging getoon van 9,5 persent in November 1993 tot 10,8 persent in Februarie 1994. In Maart het dit gedaal tot 8,6 persent toe die aansienlike stygging in skoolgeld in die ooreenstemmende maand van die voorafgaande jaar nie meer hierdie koers van toename in die prysen van dienste beïnvloed het nie, en in April tot 7,5 persent toe die uitwerking van die verhogings van indirekte belastings in 1993 verdwyn het.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende verbruikersprysindeks het ook na die Begroting skerp afgeneem van 'n hoë seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 16,8 persent in die tweede kwartaal van 1993 tot slegs 5,3 persent in die vierde kwartaal; daarna het dit versnel tot 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1994. Hierdie hoë koers van toename in die eerste kwartaal van 1994 is grotendeels teweeggebring deur 'n aansienlike stygging in voedselprysen en in 'n mindere mate ook in die koste van vervoer, kommunikasie- en mediese dienste.

## Buitelandse handel en betalings

### Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het opmerklik afgeneem van R1,2 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot ongeveer R0,2 miljard in die eerste kwartaal van 1994. Na aanpassing vir seisoenale invloede en teen 'n jaarkoers gemeet, het die oorskot op die lopende rekening oor dieselfde tydperk van R5,3 miljard tot R2,3 miljard gekrimp. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die oorskot op die lopende rekening in die eerste kwartaal van 1994 0,6 persent bedra; hierdie verhouding was gemiddeld 1,5 persent vir 1993 in die geheel. Die aansienlike verswakkering in die oorskot op die lopende rekening was die gesamentlike gevolg van laer goedere-uitvoer, hoë goedere-invoer en 'n verdere toename in netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners, wat nie deur 'n stygging in die waarde van die netto gouduitvoer geneutraliseer kon word nie.

Die waarde van die goedere-uitvoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), wat in 1993 'n belangrike bydrae tot die oplewing in die ekonomiese bedrywigheid gemaak het, het in die eerste kwartaal van 1994 met 3,7 persent tot R61,3 miljard teruggesak. Skerp afnames is in die uitvoer van vervaardigde produkte aangeteken, in die besonder in die kategorieë masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en chemiese produkte. Die uitvoer van edel- en half-edelstene het ook verminder, terwyl die uitvoer van mineraalprodukte en landbouprodukte bly styg het.

'n Daling van 5% persent in die hoeveelhede van die goedere-uitvoer was hoofsaaklik vir die laer waarde van die uitvoer in die eerste kwartaal van 1994 verantwoordelik; 'n buitengewoon skerp toename van bykans 11 persent is in die vierde kwartaal van 1993 in die hoeveelhede van die uitvoer aangeteken. Die hoeveelheid van die goedere-uitvoer was derhalwe in die eerste kwartaal van 1994 steeds ongeveer 12 persent bo die


### Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1993				1994
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Goedere-uitvoer .....	48,6	56,2	55,8	63,6	56,1
Netto gouduitvoer .....	21,0	22,2	24,5	21,2	22,2
Goedere-invoer .....	-56,1	-55,8	-59,3	-64,0	-58,8
Netto dienste- en oordragbetalings .....	-11,7	-12,0	-15,0	-15,5	-13,6
<b>Saldo op lopende rekening .....</b>	<b>1,8</b>	<b>10,6</b>	<b>6,0</b>	<b>5,3</b>	<b>5,9</b>
					2,3

## Betalingsbalans



vlak van die eerste kwartaal van 1993. Uitvoerpryse in rand het van die vierde kwartaal van 1993 tot die eerste kwartaal van 1994 met 2 persent gestyg, dit wil sê teen min of meer die gemiddelde koers van toename in die voorafgaande jaar. Hierdie bestendige toename in uitvoerpryse is hoofsaaklik meegebring deur die depresiasi van die rand. Internasionale grondstofpryse, wat aan die einde van 1993 effens opwaarts begin beweeg het, het egter in die eerste kwartaal van 1994 verder gestyg.

Nadat die waarde van die *netto gouduitvoer* van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R24,5 miljard in die derde kwartaal van 1993 tot R21,2 miljard in die vierde kwartaal gedaal het, het dit in die eerste kwartaal van 1994 weer tot R22,6 miljard herstel. Hierdie toename kan aan die hoér goudprys toegeskryf word. Die randprys van goud per fyn ons het van 'n gemiddeld van R1 262 in die vierde kwartaal van 1993 tot R1 321 in die eerste kwartaal van 1994 gestyg; die gemiddelde vasstellingsprys van goud per fyn ons het oor dieselfde tydperk effens gestyg van VSA\$374 tot \$384. In die daaropvolgende twee maande het die gemiddelde randprys van goud nog verder toegeneem tot R1 383 per fyn ons in Mei, terwyl die dollarprys tot \$381 per fyn ons teruggesak het. Die hoeveelhede van die netto gouduitvoer het daarenteen in die eerste kwartaal van 1994

met ongeveer 5 persent gedaal uit hoofde van die laer binnelandse produksie van goud.

Die waarde van die *goedere-invoer* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), wat vanaf die tweede kwartaal van 1993 skerp gestyg het, het in die eerste kwartaal van 1994 verder met 2½ persent tot R65,7 miljard toegeneem. Hierdie toename was die gevolg van sowel hoér invoerpryse as hoeveelhede. Die prys van ingevoerde goedere het ondanks die depresiasi van die rand, slegs met ½ persent gestyg. Soos reeds aangedui is 'n skerp styging in die invoerpryse (uitgesonderd olie) deels teengewerk deur die daling in die internasionale oliepryse en die betreklik bestendige prys in Suid-Afrika se handelsvennootlande. Invoerhoeveelhede het in die eerste kwartaal van 1994 met 2 persent gestyg, hoofsaaklik vanweé die skerp toename in die invoer van masjinerie en elektriese toerusting, edelstene en edelmetale.


*Netto dienste- en oordragbetalings* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), het in die eerste kwartaal van 1994 ietwat verder tot R15,9 miljard gestyg; hierdie betalings het in 1993 van R11,7 miljard in die eerste kwartaal tot R15,5 miljard in die vierde kwartaal toegeneem. Bruto betalings vir dienste het in die eerste kwartaal van 1994 toegeneem, hoofsaaklik vanweé hoér rentebetalings aan nie-inwoners en 'n verdere toename in reis- en toeristebesteding deur Suid-Afrikaners in die buiteland, terwyl bruto ontvangste vir dienste vanweé laer toerisme-ontvangste van nie-inwoners gedaal het.

## Kapitaalbewegings

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans is in die eerste kwartaal van 1994, dit wil sê in 'n oorgangstydperk na 'n nuwe politieke bedeling waarin geweld en onsekerheid steeds geheers het, gekenmerk deur 'n verrassende klein *totale netto uitvloeiing van kapitaal*. Na groot netto uitvloeiinge van R4,4 miljard en R5,5 miljard in die laaste twee kwartale van 1993, het die netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, maar insluitende onaangetekende transaksies, in die eerste kwartaal van 1994 tot R1,1 miljard gedaal. Hierdie kleiner netto uitvloeiing van kapitaal het die terugbetaling van vaste verpligtinge op buitelandse skuld beide binne en buite die stilstandnet ingesluit, 'n aanduiding dat sommige van hierdie verpligtinge omgerol kon gewees het of dat Suid-Afrika nuwe lenings in die buiteland bekom het. In April 1994 het die kapitaalrekening ongelukkig weer aansienlik verswak namate die verkiesing nader gekom het en sekere politieke partye nog nie aangedui het of hulle sou deelneem nie. Die verandering in die netto buitelandse reserwes van die land toon dat 'n groot netto uitvloeiing van kapitaal waarskynlik weer gedurende hierdie maand voorgekom het. Sommige van hierdie uitvloeiinge is egter moontlik in Mei 1994 omgekeer.

Soos wat verwag kon word, het die dramatiese verbetering in die kapitaalrekening hoofsaaklik voorgekom in *korttermynkapitaal* nie verwant aan reserwes nie

## Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie





nie-inwoners van sekuriteite wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is ten bedrae van R1,2 miljard. Hierdie aankope is egter geneutraliseer deur die netto verkope van effekte van R1,3 miljard deur nie-inwoners by gemagtigde banke, dit wil sê die sogenaamde "oor-die-toonbank" transaksies in plaas van regstreeks op die Beurs. Hoewel hierdie transaksies in sekuriteite deur nie-inwoners nie die vlak van die bruto reserwes van die land beïnvloed nie omdat dit deur die finansiélerand-meganisme plaasgevind het, toon dit aan dat die netto uitvloeiing van ander langtermynkapitaal in die eerste kwartaal van 1994 op ongeveer R1,6 miljard te staan gekom het. Hierdie netto uitvloeiing van kapitaal is beïnvloed deur die aanvangsbetaling van R1,6 miljard ingevolge die Skuldreëlingsooreenkoms van 1994 met buitelandse krediteurbanke, die terugbetaling van R0,8 miljard op skuld wat na medium- en langtermynlenings buite die stilstandnet omgeskakel is, sowel as die aflossing van lenings van R0,5 miljard wat deur buitelandse regerings gewaarborg is.

### Buitelandse skuld

Ondanks die groot netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie (die geïdentifiseerde kapitaalvloeiinge plus foute en onaangetekende transaksies), is

### Totale buitelandse skuld



maar insluitende onaangetekende transaksies. Nadat uitvloeiinge sedert die vierde kwartaal van 1991 aangegeteken is, het korttermynkapitaalbewegings verander van 'n netto uitvloeiing van R5,3 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot 'n netto invloeiing van R0,6 miljard in die eerste kwartaal van 1994. Die merkwaardige ommekaer in die korttermynkapitaalvloeiinge kan toegeskryf word aan die ommeswaai van 'n netto uitvloeiing van R0,6 miljard na 'n netto invloeiing van R2,2 miljard in die buitelandse korttermynlaste van private banke gedurende dieselfde tydperk. Hierdie omskakeling was deels 'n weerspieëling van 'n terugwaartse vloeiing in Januarie 1994 van 'n besondere groot bedrag korttermynfondse wat in Desember 1993 uit die land beweeg het. Die strammer toestande in die binnelandse geldmark het banke waarskynlik ook gedwing om meer van buitelandse kredietfaciliteite gebruik te maak om hul fondse aan te vul. 'n Netto uitvloeiing van R1,7 miljard in ander korttermynkapitaal is steeds in die eerste kwartaal van 1994 aangeteken; dit was egter aansienlik kleiner as die uitvloeiing in die tweede helfte van 1993.

In teenstelling met hierdie gunstige ontwikkelings het die netto uitvloeiing van *langtermynkapitaal* aansienlik toegeneem van R0,2 miljard in die vierde kwartaal van 1993 en 'n gemiddelde kwartaallikse uitvloeiing van R0,4 miljard vir die jaar in die geheel tot R1,7 miljard in die eerste kwartaal van 1994. Ingelui by hierdie bedrag in die eerste kwartaal van 1994 is die netto aankope deur

Suid-Afrika se totale uitstaande buitelandse skuld (uitgesonderd skuld onderhewig aan valutabeheer-regulasies ten opsigte van finansiële en geblokkeerde rand) in 1993 verder met slegs \$0,6 miljard tot \$16,7 miljard aan die einde van die jaar verminder. Dit was deels te wyte aan die feit dat Suid-Afrika se buitelandse lenings verwant aan reserwes R7,4 miljard bedra het, terwyl 'n deel van die kapitaaluitvloeiing toe te skryf was aan 'n toename in buitelandse bates. 'n Vergelyking van veranderings in buitelandse skuld en kapitaalvloeiinge bevestig egter dat 'n groot deel van die afgeleide kapitaaluitvloeiinge in 1993 nie geïdentifiseer kon word nie, dit wil sê die balanserende pos "foute en onaangetekende transaksies" was groot.

Gewaardeer teen die wisselkoerse van die VSA-dollar teenoor ander geldeenhede soos op 31 Augustus 1985, is Suid-Afrika se totale buitelandse skuld van \$23,7 miljard aan die begin van die stilstandreeëlings tot \$15,8 miljard aan die einde van 1993 verminder. In rand, het Suid-Afrika se buitelandse skuld oor dieselfde tyd van R65,8 miljard tot R56,7 miljard afgeneem. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het Suid-Afrika se buitelandse skuld aan die einde van 1993 slegs 14,2 persent bedra; hierdie verhouding was 42,5 persent aan die einde van Augustus 1985.

Die skuld wat ingevolge die skuldreeëlings met buitelandse krediteurbanke nie betaalbaar is nie, is van \$5,5 miljard aan die einde van 1992 tot \$4,4 miljard aan die einde van 1993 verminder; aan die begin van die skuldstilstand is \$13,6 miljard deur hierdie reëlings

#### Buitelandse skuld van Suid-Afrika\*

\$ miljarde

	31 Aug 1985	31 Des 1992	31 Des 1993
Geaffekteerde skuld			
Openbare sektor.....	2,7	1,8	1,3
Monetêre sektor.....	8,8	2,1	1,6
Ander.....	2,1	1,6	1,5
Totaal .....	13,6	5,5	4,4
Nie-geaffekteerde skuld			
Openbare sektor.....	7,3	5,0	6,3
Omgeskakelde lang-termynlenings .....	-	4,8	4,5
Ander.....	2,8	2,0	1,5
Totaal .....	10,1	11,8	12,3
<b>Totale buitelandse skuld</b>	<b>23,7</b>	<b>17,3</b>	<b>16,7</b>

\* Uitgesonderd geblokkeerde rand-rekeninge, gewone aandele en nie-aflosbare voorkeuraandele, genoteerde binnelandse skuldbriewe en genoteerde binnelandse leningseffekte.



geaffekteer. Die skuld betaalbaar ingevolge die ooreenkoms het van \$11,8 miljard aan die einde van 1992 tot \$12,3 miljard aan die einde van 1993 gestyg, hoofsaaklik vanweë lenings wat deur die owerhede aangegaan is om die vlak van die buitelandse reserwes te steun.

#### Buitelandse reserwes

As gevolg van die betreklik klein netto uitvloeiing van kapitaal, het die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes van Suid Afrika in die eerste kwartaal van 1994 met R0,9 miljard afgeneem, aansienlik minder as die daling van R4,3 miljard wat in die vierde kwartaal van 1993 aangeteken is. In April 1994 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank egter in een maand met nie minder nie as R2,2 miljard geval, voordat dit verder met R0,4 miljard in Mei gedaal het.

Die afname in die netto buitelandse reserwes, aangepas vir waardasie-aansuiwerings van R0,2 miljard, het geleid tot 'n afname van ongeveer R0,7 miljard in die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes tot 'n vlak van R10,3 miljard aan die einde van Maart 1994. Hierdie reserwes was gelyk aan die waarde van ongeveer 5½ weke se invoer van goedere en dienste. In die daaropvolgende twee maande het die Reserwebank se bruto goud- en ander buitelandse reserwes verder met

#### Buitelandse reserwes



R0,8 miljard gedaal tot 'nvlak van R7,2 miljard aan die einde van Mei 1994. Die goudreserves van die Bank het 4,4 miljoen fyn onse aan die einde van Mei 1994 bedra, dit wil sê minder as die 4,8 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1993.


### Wisselkoerse

As gevolg van die politieke onsekerheid en voortslepende onrus in die aanloop tot die verkiesing in Suid-Afrika, het die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand gedurende die eerste drie maande van 1994 met 4,1 persent en tot 31 Mei 1994 met 'n verdere 4,4 persent gedaal. Dit het die daling in die nominale effektiewe wisselkoers in die eerste vyf maande van 1994 op 8,4 persent te staan gebring, vergeleke met die depresiasi van 8,7 persent gedurende 1993 in die geheel. Hoewel die rand gedurende die eerste vyf maande van 1994 skerp teenoor die meeste van die belangrikste geldeenheide gedepresieer het, is buitengewoon skerp dalings van 12,3 persent en 12,6 persent teenoor onderskeidelik die Japanse yen en Italiaanse lira aangeteken.

Die skerp daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand in die eerste kwartaal van 1994 was meer as voldoende om te vergoed vir die inflasiedifferensiaal tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennootlande; die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand was in Maart 1994 derhalwe 2 persent laer as die vlak van Desember 1993. Vanaf die einde van 1992 het die reële effektiewe wisselkoers van die rand met bykans 6½ persent gedaal.

Nadat die wisselkoers van die *finansiële rand* gedurende die loop van 1993 per saldo met 13,1 persent geappresieer het, het dit gedurende die eerste kwartaal van 1994 met 12,4 persent gedepresieer. Kommer oor onrusverwante voorvalle, politieke onsekerheid en winsneming het egter daarná veroorsaak dat die finansiële rand in die daaropvolgende twee maande skerp gewissel het. Op 11 April 1994 het die finansiële rand teen 'n

### Wisselkoerse van die rand



wisselkoers van R5,58 teenoor die dollar verhandel – die laagstevlak sedert die instelling daarvan op 24 Januarie 1979 – voordat dit op 31 Mei 1994 tot R4,74 per dollar geappresieer het. Die diskonto op die finansiële rand het dienooreenkomsdig oor dieselfde tydperk van 35,7 persent tot 23,8 persent vernou.

### Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	31 Des '92	31 Des '93	31 Mrt '94	31 Mei '94
tot	tot	tot	tot	
31 Des '93				
31 Mrt '94				
31 Mei '94				

#### Geweegde

gemiddelde.....	-8,7	-4,1	-4,4
VSA-dollar .....	-10,1	-2,1	-4,0
Britse pond .....	-7,7	-2,6	-5,6
Duitse mark .....	-3,4	-5,8	-5,5
Japanse yen .....	-19,4	-10,2	-2,2
Nederlandse			
gulden .....	-3,8	-5,4	-5,7
Italiaanse lira .....	4,2	-7,9	-5,1

## Finansiële markte

### Geldvoorraad

Die groei in die geldvoorraad, wat gedurende 1993 oor die algemeen traag was en slegs 'n matige opwaartse beweging in die tweede helfte van die jaar getoon het, het in die eerste drie maande van 1994 versnel. Die groeikoers oor twaalf maande in die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3)* het van 8,0 persent in Desember 1992 tot slegs 1,9 persent in Julie 1993 afgeneem; dit het daarna geleidelik tot 7,0 persent in Desember 1993 en tot 12,3 persent in Maart 1994 toegeneem. Die kwartaallike groeikoers in M3 (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het egter matig van 18,1 persent in die vierde kwartaal van 1993 tot 15,5 persent in die eerste kwartaal van 1994 gedaal. Voorlopige ramings duif daarop dat die groei in M3 oor twaalf maande in April 1994 hoog gebly het, aangesien dit vanaf 'n laevlak in April 1993 gemeet is.

As gevolg van hierdie versnelling in die groei van die geldvoorraad, het die koers van toename in M3 gedurende die eerste vier maande van 1994 die boonste perk van die *nuwe geldvoorraadriglyne* oorskry. Die President van die Reserwebank het op 25 Maart 1994 aangekondig dat die owerhede besluit het om die geldvoorraadgroeiriglyne vir 1994 op hul koerse van die voorafgaande jaar te behou, dit wil sê riglyngrense van 6 tot 9 persent groei in M3 van die vierde kwartaal van

1993 tot die vierde kwartaal van 1994 sal van toepassing wees. Deur hierdie riglyne te behou, behoort monetêre beleid die vereistes vir monetêre bestendigheid en 'n herstel in die binnelandse ekonomie ten beste te dien, want hierdie groeikoerse in die geldvoorraad behoort:


- nie die groei in die reële ekonomie, wat maar in 1993 'n aanvang geneem het, te beperk nie en dit ook nie kunsmatig te stimuleer nie;
- nie verdere kapitaaluitloeiinge in 'n reeds kwesbare betalingsbalanssituasie aan te help nie;
- voort te gaan met die afwaartse druk op inflasie, wat nog hoog is vergeleke met die inflasiekoerse van die meeste nywerheidslande; en
- genoegsame ruimte te laat vir totale monetêre besteding om toe te neem, met inagneming van die moontlike omvang van 'n verdere styging in inkomemoolloopsnelheid van geld.

Soos in die verlede het die monetêre owerhede beklemtoon dat hulle nie van plan is om 'n stram geldregel wat aan hierdie riglyne gekoppel is, te volg nie. Die Reserwebank sal eerder voortgaan om die groei in die geldvoorraad teen ander omvattender onderliggende toestande te beoordeel voordat besluit sal word of veranderings in die groei van die geldvoorraad 'n verskuiwing in die monetêre beleidsingesteldheid regverdig. In ooreenstemming met hierdie benadering het die jongste versnelling in die groei in die geldvoorraad nie tot 'n verhoging in die Bankkoers aanleiding gegee nie aangesien dit grotendeels deur 'n verskuiwing van regeringsdeposito's (nie deel van die geldvoorraad nie) na deposito's van die private sektor (by die geldvoorraad ingesluit) by monetêre instellings veroorsaak is. Hierdie verskuiwing in deposito's was ook hoofsaaklik verantwoordelik vir 'n daling van 2,0 persent in die inkomemoolloopsnelheid van M3 in die eerste kwartaal van 1994, ondanks die min of meer onveranderde gapings tussen uitleen- en gemiddelde depositokoerse van banke.


Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die *enger monetêre totale* het ook in 1993 tot betreklik lae vlakke gedaal, maar daarna in die laaste maande van 1993 en in die eerste drie maande van 1994 weer op beweeg. Die groeikoers oor tydperke van twaalf maande in MIA het in 1993 merkbaar gewissel, maar per saldo van 16,2 persent in Desember 1992 tot 6,9 persent in September 1993 afgeneem; dit het daarna in Desember 1993 tot 16,6 persent en in Maart 1994 tot 25,7 persent gestyg. Die koers van toename in M1 oor tydperke van twaalf maande het van 17,5 persent in Desember 1992 tot -0,5 persent in Oktober 1993 gedaal, voordat dit in Desember 1993 tot 6,7 persent en in Maart 1994 tot 19,4 persent gestyg het. Op soortgelyke wyse het die groeikoers oor twaalf maande in M2 van 10,8 persent in Desember 1992 tot 0,1 persent in Julie 1993 gedaal, maar in Desember 1993 weer tot 3,9 persent en in Maart 1994 tot 13,6 persent gestyg.

Die belangrikste teenhangers (in 'n statistiese of rekeningkundige sin) van die toename van R12,5 miljard

### Riglyne vir groei in M3



## Monetêre totale



in M3 gedurende die eerste drie maande van 1994 was toenames van R14,8 miljard in die monetêre instellings se netto eise teen die owerheidsektor en R7,1 miljard in hierdie instellings se eise teen die private sektor. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die netto buitelandse bates (insluitend goud) en die "netto ander bates" van die monetêre sektor in die eerste kwartaal van 1994 met R3,1 miljard en R6,3 miljard afgeneem.


Die groot toename in die monetêre sektor se eise teen die regeringsektor en die groot afname in "netto ander bates" wat in die eerste kwartaal van 1994 aangeteken is, is in Maart 1994 deur die uitreiking van gestrooptekoepon-staatseffekte aan die Reserwebank verwring. Staatseffekte ten bedrae van R7,5 miljard is aan die Bank uitgereik (ingesluit in die monetêre sektor se netto eise teen die regering) om verliese wat vir die rekening van die Tesourie op die Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreservewerekening (ingesluit in "netto ander bates") ontstaan het, af te los. Indien hierdie effekte-uitgifte nie in aanmerking geneem word nie, het

die monetêre sektor se eise teen die regeringsektor in die eerste kwartaal van 1994 nietemin steeds met R7,3 miljard gestyg, wat grotendeels aan 'n afname van R7,2 miljard in regeringsdeposito's by die monetêre sektor gedurende hierdie tydperk toegeskryf kan word.

## Kredietverlening

Die afname in regeringsdeposito's by banke was ook hoofsaaklik verantwoordelik vir die skerp versnelling in die groei van die *totale kredietverlening* (dit wil sê kredietverlening aan die private sektor en netto eise teen die regeringsektor) deur die monetêre instellings in die eerste drie maande van 1994. Nadat die koers van toename oor twaalf maande in totale binnelandse kredietverlening by banke van 'n laagtepunt van 6,7 persent in Mei 1993

## Kredietverlening aan die private sektor



tot 9,6 persent in Desember gestyg het, het dit aansienlik vinniger toegeneem tot 12,9 persent in Februarie 1994 en 19,2 persent in Maart. Laasgenoemde koers van toename is ook deur die uitreiking van die gestrooptekoepon-staatseffekte aan die Reserwebank beïnvloed.

Die groei in kredietverlening deur die monetêre instellings aan die *binnelandse private sektor* oor tydperke van twaalf maande het van 8,7 persent in Desember 1992 tot 'n laagtepunt van 5,7 persent in Mei 1993 gedaal, voordat dit in Desember 1993 tot 9,7 persent gestyg het. Hierdie groeikoers het toe in Februarie 1994 effens tot 9,4 persent teruggesak, maar daarna in Maart 1994 tot 11,8 persent versnel.

'n Ontleding van monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* toon dat die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte op 'n betreklik hoë vlak gebly het. Sedert die begin van 1991 het die groeikoers oor twaalf maande in verbandvoorskotte gemiddeld 17,3 persent beloop. Hierdie merkwaardige vertoning in verbandlenings is tot 'n groot mate toe te skryf aan die banke se aktiewe bevordering van hierdie kredietfasilitet vanweë die lae kapitaalvereistes wat daarop van toepassing is. As gevolg van die buigsaamheid van sommige van die verbandskemas en die vergelykenderwys lae rentekoerse op verbandvoorskotte, word hierdie rekeninge in toenemende mate deur baie kliënte van banke gebruik om aankope van duursame en ander verbruiksgoedere te finansier.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het krediet in die vorm van *afbetaalingsverkoop* sedert die tweede helfte van 1993 teen baie hoë koerse gestyg. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan stygende motorverkope, voertuigfinansieringskemas teen "spesiale koerse" wat deur banke in werking gestel is en hoër afbetaalingsverkoopkrediet aan boere. Die styging in "*ander lenings en voorskotte*" (hoofsaaklik oortrokke rekeninge) het in 'n sekere mate die opswaai in reële verbruiksbesteding weerspieël, maar was waarskynlik ook in 'n sekere mate die gevolg van lenings wat aangegaan is deur sommige kleiner en mediumgrootte ondernemings wat in nood verkeer het na 'n lang tydperk van negatiewe ekonomiese groei. Die styging in die groei

in *bruikhuurfinansiering* wat in die tweede helfte van 1993 waarnembaar was, het in die eerste drie maande van 1994 meer gelyk verloop.

### Geldmarktoestande

Nadat geldmarktoestande in Desember aansienlik vernou het, het dit in Februarie 1994 verruim, maar daarna in die volgende drie maande weer baie stram geword. Hierdie veranderings word in die vlakte van akkommodasie op maandeindes weerspieël wat van R5,8 miljard aan die einde van Desember 1993 tot R3,9 miljard aan die einde van Februarie 1994 afgeneem het voordat dit aan die einde van die volgende twee maande weer tot R5,3 miljard en R7,1 miljard gestyg het. Geldmarktoestande het in Mei betreklik stram gebly hoewel die vlak van akkommodasie aan die einde van Mei tot R5,2 miljard gedaal het. Die betreklike stram toestande in die geldmark het banke gedwing om teen 'n koers van 13 persent by die Reserwebank te leen (dit wil sê teen een persentasiepunt bo die Bankkoers) as gevolg van 'n tekort aan papier wat vir die laer koers kwalificeer.


Die verruiming van geldmarktoestande in Februarie 1994 is hoofsaaklik deur 'n daling in regeringsdeposito's by die Reserwebank veroorsaak. Hoewel hierdie deposito's in Maart verder gedaal het, het 'n aansienlike toename van R2,0 miljard in munte en note in omloop in Maart en April en 'n afname van R3,0 miljard in netto buitelandse bates (goud ingesluit) van die Reserwebank die vernouing in geldmarktoestande meegebring. Albei hierdie ontwikkelings hou moontlik verband met die onsekerhede en vrese rakende die politieke bestendig-

### Kredietverlening aan die private sektor volgens vernaamste soort krediet

Persentasieverandering oor twaalf maande

	Des '92	Jun '93	Des '93	Mrt '94
Verbandvoorskotte.....	17,3	17,5	17,7	16,6
Afbetalingsverkoop- krediet .....	1,5	11,4	18,0	23,9
Bruikhuurfinansiering.....	9,6	2,2	6,8	7,7
Ander lenings en voorskotte.....	0,9	-0,7	8,4	13,1

### Akkommodasie by die diskontovenster



heid in Suid-Afrika wat tydens die aanloop tot die verkiezing van 'n regering van nasionale eenheid geheers het. Namate persepsies verbeter het, het die munte en note in omloop in Mei 1994 weer gedaal en het die Reserwebank se besit aan netto buitelandse bates met R0,2 miljard toegeneem.

#### Reserwebankoptrede in die geldmark

Die Reserwebank het oor die algemeen die geldmarktekort toegelaat om die onderliggende vraag- en aanbodtoestande te weerspieël. Deur hierdie beleidstandpunt in te neem, het die Bank dit vir private banke moeilik gemaak om binnelandse laste met buitelandse kredietfasilitete te vervang en het sodoende die kapitaaluitlewing uit die land ontmoedig. Sekere aanpassings is egter in die *bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's* gemaak deur die korporasie se finansiële bates in die geldmark te verkoop. Gedurende die eerste vyf maande van 1994 het hierdie transaksies 'n vernouende uitwerking van ongeveer R2,1 miljard op geldmarktoestande gehad. Daarbenewens is die netto verkope van Skatkiswissels in April en Mei tot R445 miljoen verhoog, wat 'n vernouende uitwerking op geldmarktoestande gehad het in die mate wat dit 'n toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank veroorsaak het. Dit is bereik deur die verkope van Skatkiswissels van drie maande op die weeklikse tender op 8 April 1994 van R300 miljoen tot R400 miljoen te verhoog.


Die monetêre owerhede het egter ook die Reserwebank se *eie portefeuille van staatseffekte* gedurende die eerste vier maande van 1994 deur middel van normale opemarktransaksies tot 'n bedrag van R1,2 miljard verhoog wat geldmarktoestande weer effens verruum het. Die Bank se besit aan staatseffekte soos in sy balansstaat geraporteer word, het egter 'n baie meer opmerklike stijging getoon as gevolg van die reeds vermelde gestrooptekoepoen-staatseffekte wat van die regering verkry is.

Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank in die eerste vyf maande van 1994 het op R59 miljard te staan gekom, teenoor R71 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1993 en R178 miljard vir 1993 in die geheel. Netto verkope van hierdie effekte was gedurende die eerste vyf maande van 1994 R2,5 miljard; in die ooreenstemmende tydperk van 1993 was die netto verkope R7,6 miljard. Die Reserwebank se transaksies in *opsies op staatseffekte* het in die eerste vyf maande van 1994 van 'n maandelikse gemiddelde van R5,3 miljard in 1993 tot 'n maandelikse gemiddelde van R6,9 miljard toegeneem.

#### Geldmarkrentekoerse

Die algemeen afwaartse beweging in geldmarkrente-koerse het aan die einde van 1993 en in die eerste twee maande van 1994 momentum verloor; hierdie koerse het daarná gedurende Maart, April en Mei ietwat verstewig, wat die betreklike stram geldmarktoestande en onsekerheid rakende politieke ontwikkelings in Suid-

#### Korttermynrentekoerse



Afrika weerspieël het. Dit word duidelik deur die koers op *interbankdag-geld* weerspieël, wat van 12,25 persent aan die einde van Desember 1992 tot 10,00 persent aan die einde van Desember 1993 en 9,50 persent aan die einde van Februarie 1994 afgeneem het; dit het daarnaá aan die einde van April weer tot 10,75 persent toegeneem. Hierdie koers het vervolgens teen die einde van Mei ietwat tot 11,0 persent verstewig.

Die koers op *bankaksepte van drie maande* het 'n soortgelyke verloop getoon en van 12,65 persent aan die einde van Desember 1992 tot 10,15 persent aan die einde van Desember 1993 afgeneem; dit het gedurende die volgende drie maande op min of meer dieselfde vlak gebly. In April het dit begin om redelik skerp toe te neem tot 10,55 persent aan die einde van die maand en op 31 Mei 1994 het dit 11,05 persent bereik.

Beide die *Bankkoers* en private banke se *primakoers op oortrekkings* het gedurende die eerste vyf maande van 1994 onveranderd gebly. Banke se depositokoerse het gemiddeld ook nie gedurende die eerste kwartaal van 1994 verander nie, maar het gedurende die daarvolgende twee maande ietwat verstewig. Die gaping tussen die uitleen- en depositokoerse het derhalwe eers sywaarts beweeg, waarna dit in April en Mei 1994 vernou het. Hoewel die banke 'n onveranderde primakoers op oortrekkings van 15,25 persent gehandhaaf het, het die inflasie-aangepaste of reële primakoers op oortrekkings van 5,2 persent in Desember 1993 tot 7,7 persent in April 1994 toegeneem as gevolg van 'n afname in die inflasiekoeurs soos gemeet deur veranderings in die huidige verbruikersprysindeks.

## Kapitaalmarkbedrywigheid

Handelsbedrywigheid op die Johannesburgse Effektebeurs, wat in die loop van 1993 lewendig gebly het, het in die eerste kwartaal van 1994 verder skerp toegeneem. Nadat die nominale waarde van effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, van R168,3 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R229,2 miljard in die vierde kwartaal toegeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1994 verder tot R253,5 miljard gestyg. Die hoër waarde van effekte wat verhandel is, is aansienlik beïnvloed deur onbestendigheid in langtermynrentekoerse as gevolg van onsekerhede op die politieke front en hoér-as-verwagte gemete inflasie. In April 1994 het die waarde van transaksies in effekte van die openbare sektor ietwat afgeneem tot R54,1 miljard van 'n gemiddelde maandelikse waarde van R84,5 miljard in die eerste kwartaal van die jaar. Hierdie afname kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die kleiner aantal handelsdae in April. Nadat 'n nuwe regering op 'n betreklik vreedsame wyse verkies is, het die waarde van effekte van die openbare sektor wat verhandel is weer tot R93,0 miljard in Mei toegeneem.

Nie-inwoners was in die eerste kwartaal van 1994 netto verkopers van effekte van die openbare sektor op die Johannesburgse Effektebeurs. Hierdie netto verkope het op R0,6 miljard te staan gekom; in die vierde kwartaal van 1993 was nie-inwoners nog netto aankopers van effekte van die openbare sektor tot 'n bedrag van R0,3 miljard. Verkope van effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners het betekenisvol toegeneem met die verstewiging van langtermynrentekoerse in

Februarie en Maart 1994, maar het in die daaropvolgende twee maande ietwat teruggesak toe verwagtinge begin ontstaan het dat koerse 'n hoogtepunt mag bereik het.

Die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het van R8,0 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R14,1 miljard in die vierde kwartaal en R20,9 miljard in die eerste kwartaal van 1994 toegeneem. Die hoë omset in die eerste drie maande van 1994 was die gesamentlike gevolg van toenames in sowel die pryse as die aantal aandele wat verhandel is. In April 1994 het die waarde van aandele wat verhandel is van 'n gemiddelde maandelikse waarde van R7,0 miljard in die eerste drie maande van die jaar tot R5,5 miljard teruggeval. Hierdie afname het ook verband gehou met die kleiner aantal handelsdae en onsekerheid rakende politieke ontwikkelings. In Mei 1994 het die waarde van aandele wat verhandel is weer tot R6,1 miljard toegeneem.


Die gemiddelde maandelikse pryse van alle klasse van aandele het in die eerste vyf maande van 1994 met 19,6 persent toegeneem. In Mei 1994 was die vlak van aandelepryse dus 77,3 persent bo die laagtepunt in Oktober 1992. Nywerheids-, handels- en finansiële aandele het steeds goed presteer. Die pryse van goudaandele het egter met 9,5 persent afgeneem vanaf 'n hoogtepunt in Januarie 1994 tot Mei.

Die voortgesette opwaartse beweging in aandelepryse, die swak finansiële rand en die toenemende belangstelling van buitelandse beleggingsfondse in Suid-Afrika se opkomende mark het in die eerste kwartaal van 1994 gelei tot 'n hoë vlak van aankope van aandele deur


## Effektebeurstransaksies



## Effektebeurstransaksies



## Aandelepryse



nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs. Nie-inwoners se netto aankope van aandele het trouens van R0,9 miljard in die laaste kwartaal van 1993 tot R2,1 miljard in die eerste kwartaal van 1994 toegeneem. Afwaartse aanpassings op sommige van die groter effektebeurse in nywerheidslande en onsekerheid oor die sosio-politiese toestand in Suid-Afrika, het egter meegebring dat nie-inwoners in April en Mei 1994 netto verkopers van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs tot 'n waarde van R0,7 miljard geword het.

In die primêre kapitaalmark is betreklik lae vlakte van bedrywigheid ten opsigte van nuwe uitgifte in die eerste kwartaal van 1994 deur leners in sowel die openbare as die private sektor getoon. Die openbare sektor het in die eerste kwartaal van 1994 geen fondse deur uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite opgeneem nie, maar inderdaad eie sekuriteite ten bedrae van R2,0 miljard teruggekoop. Die bedrag aan fondse wat maatskappye in die private sektor opgeneem het deur uitgiftes van vaste-rentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele, skuldbrieue en maatskappy-obligasies), het van R0,3 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot die klein bedrag van R25 miljoen in die eerste kwartaal van 1994 afgeneem. Nuwe aandele-uitgifte het in die eerste kwartaal van 1994 traag gebly omdat baie genoteerde maatskappye 'n oorvloed aan kontant gehad het en betreklik vry van skuld was, dikwels as 'n uitvloeisel van baie lae voorraadvlakke en 'n verouderende kapitaalvoorraad. Nuwe uitgiftes van aandele het van R1,0 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot R0,9 miljard in die eerste kwartaal van 1994


gedaal, ook omdat die meeste genoteerde maatskappye nog nie met betekenisvolle investeringsprogramme begin het nie.

In die verbandmark het die gemiddelde maandelike bedrag aan verbandlenings wat deur banke uitbetaal is, effens afgeneem van R3,5 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot R3,2 miljard in die eerste kwartaal van 1994. Die banke se totale besit aan verbandlenings het verder toegeneem van R92,9 miljard aan die einde van Desember 1993 tot R96,1 miljard aan die einde van Maart 1994. Soos reeds aangedui, weerspieël hierdie toename nie noodwendig 'n styging in konstruksiebedrywigheid of vaste-eiendomstransaksies nie, aangesien dit ook aangewend kon word om gewone verbruiksbesteding te finansier.

Die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies in vaste eiendom het nietemin van R6,4 miljard in die vierde kwartaal van 1993 tot R7,1 miljard in die eerste kwartaal van 1994 toegeneem. Hoewel dit deels toeskryf kan word aan 'n klein toename in die gemiddelde prys van sodanige transaksies, het die aantal transaksies in vaste eiendom gedurende dieselfde tydperk ook met 10 persent toegeneem. Die hoër vlak van transaksies in vaste eiendom was die gevolg van 'n toename in die vraag na kommersiële eiendom sowel as residensiële eiendom in sekere gebiede.

Toenemende onsekerheid met betrekking tot toekomstige prysbewegings in aandele en kommoditeite was hoofsaaklik verantwoordelik vir die toename van 69,3 persent in die aantal termynkontrakte wat gedurende die eerste vier maande van 1994 verhandel is,

## Transaksies in vaste eiendom



vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. In Maart 1994 het die getal sodanige kontrakte 'n rekord maandelikse hoogtepunt van sowat 468 000 bereik, voordat dit in April tot 226 000 en in Mei tot 299 000 teruggesak het. Kontrakte in aandeleindekse het steeds die grootste deel van die aantal termynkontrakte verteenwoordig. Die vlak van opsigte op indekstermynkontrakte was in die eerste vier maande van 1994 meer as vier keer hoër as die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Aan die einde van Mei 1994 was die oop posisie in indekstermynkontrakte en in opsigte op indekstermynkontrakte onderskeidelik 87 500 en 363 500 kontrakte.

#### Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Nadat die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte van 15,03 persent in April 1993 tot 12,07 persent in Januarie 1994 afgeneem het, het dit in April tot 12,97 persent en in Mei tot 13,02 persent toegeneem. Hierdie toename was waarskynlik 'n weer-spieëeling van onsekerheid wat verband gehou het met politieke ontwikkelings, netto verkope van binnelandse leningseffekte deur nie-inwoners, 'n verstewiging in langtermynrentekoerse in sekere van die belangrikste ekonomiese en die mark se bekommernis oor die staat se finansieringsbehoefte wat die herkonstruksie- en ontwikkelingsprogram moontlik mag meebring. As gevolg van hierdie hoër langtermynkoerse en 'n afname in die inflasiekoers soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks, het die reële opbrengskoers op staatseffekte skerp toegeneem van 2,0 persent in Januarie 1994 tot 5,5 persent in April.

Ondanks die feit dat die oorheersende koers op huisverbandlenings sedert November 1993 onveranderd op 15,25 persent gebly het, het banke hulle koerse op

langtermyndeposito's verlaag. Die koers op deposito's van twaalf maande is byvoorbeeld in Februarie 1994 met 0,5 persent tot 10,5 persent verlaag. Hierdie laer koers het aan deposante in April 1994 'n positiewe reële opbrengs voor belasting van 3,2 persent gelewer.

Die hoër gemiddelde vlak van aandelepryse gedurende die eerste vyf maande van 1994 het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse van aandele verder van 2,53 persent in Desember 1993 tot 2,16 persent in Mei 1994 afgedruk. Die gemiddelde verdienste-opbrengskoers op alle klasse van aandele (goudmynaandele uitgesonderd) het ook van 5,95 persent in Desember 1993 tot 5,18 persent in Mei 1994 afgeneem.

Die maksimum toelaatbare koerse op finansieringskoste soos dit ingevolge die Woekerwet vasgestel is, is met ingang van 24 Desember 1993 van 25 tot 23 persent verlaag in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie), en van 28 tot 26 persent in die geval van bedrae tot en met R6 000. Dit het die totale verlaging in hierdie koerse gedurende 1993 op 3,0 persentasiepunte te staan gebring.

Die standaardrentekoers van toepassing op lenings deur die staat uit die Staatsinkomstefonds (Skatkiswet, Wet no. 66 van 1975) is op 1 November 1993 van 14,75 persent tot 13,5 persent, en in drie verdere stappe tot 12,5 persent op 1 Februarie 1994 verlaag. Hierdie rentekoers is met ingang van 1 Maart 1994 tot 13,25 persent verhoog, en daarna met ingang van 1 April 1994 tot 13,00 persent verlaag. Dit is weer met ingang van 1 Mei 1994 tot 13,75 persent verhoog.

Die amptelike rentekoers, soos omskryf in die Inkomstebelastingwet, is met ingang van 1 Februarie 1994 met 1 persentasiepunt tot 14 persent verlaag.

#### Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse




## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en nie-finansiële owerheidsondernehemings), wat 'n afwaartse beweging getoon het van R7,9 miljard in die Junie-kwartaal van 1993 tot R6,2 miljard in die Desember-kwartaal, het in die Maart- of finale kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 skerp tot R21,1 miljard gestyg. Vir die fiskale jaar in die geheel het die leningsbehoefte van die openbare sektor dus R41,9 miljard bedra, of 26 persent meer as die reeds hoë vlak van R33,3 miljard in die voorafgaande jaar. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, was die leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1993/94 gelyk aan 10,6 persent.

Die buitengewoon groot leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1993/94 was hoofsaaklik die gevolg van spesiale oordragte van die regering om laste af te los wat oor 'n redelike lang tydperk ontstaan het, dit wil sê nie net in die fiskale jaar 1993/94 nie. 'n Oordrag van R7,5 miljard is naamlik aan die Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening gemaak om tekorte wat uit die laat tagtigerjare dateer op hierdie rekening te verminder. Hierbenewens is oordragte van R6,9 miljard aan die regeringsdienspensioenfondse en R0,4 miljard aan die geslote pensioenfondse gemaak ten opsigte van verpligte wat ontstaan het uit afleggings en aktuariële tekorte. Indien hierdie oordragte van R14,8 miljard van die leningsbehoefte van die openbare sektor uitgesluit word, was die leningsbehoefte van die openbare sektor vir die fiskale jaar 1993/94 gelyk aan R27,0 miljard, of 6,8 persent van die bruto binnelandse produk.

### Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



Die nie-finansiële owerheidsondernehemings het in die fiskale jaar 1993/94 'n klein oorskot op hulle inkomste- en bestedingsrekening aangeteken; die groot leningsbehoefte van die openbare sektor is in hierdie jaar dus in die geheel veroorsaak deur die tekort voor lenings en skuldaflossing van die algemene owerheid. Proviniale administrasies was die enigste owerheidsondernehemings wat in die fiskale jaar 1993/94 'n oorskot op hulle gekonsolideerde inkomste- en bestedingsrekening gehad het. Soos in die vorige jaar, het die leningsbehoefte van die plaaslike owerhede in die fiskale jaar 1993/94 R0,9 miljard bedra. In teenstelling hiermee, het die leningsbehoefte van die buitebegrotingsentiteite (met inbegrip van die TBVC-lande en die selfregerende state) van slegs R0,1 miljard in die fiskale jaar 1992/93 tot R2,9 miljard in die fiskale jaar 1993/94 gestyg. Die agteruitgang in die finansiële posisie van die buitebegrotingsinstellings is hoofsaaklik meegebring deur 'n aansienlike afname in netto oordragontvangste vanaf die Hoofbegroting. Die leningsbehoefte van die Hoofbegroting het nietemin aansienlik toegeneem as gevolg van die bogenoemde buitengewone oordragte wat in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 gemaak is.

### Skatkisrekening in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1993/94

Die vlak van die skatkisuitrekings (insluitende verandering in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening en ander aansuiwerings wat gemaak is om die werklike kontantvloei te weerspieël) was in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 0,5 persent laer as

### Skatkisuitrekings en -ontvangste



die vlak in die finale kwartaal van 1992/93, vergeleke met koers van toename van jaar tot jaar wat van 12,7 persent in die Junie-kwartaal van 1993 tot 16,2 persent in die Desember-kwartaal gestyg het. Die afname in hierdie koers in die finale kwartaal van 1993/94 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die uitsonderlik hoë koers van toename in die skatkisuitreikings wat in die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar ondervind is vanweë droogtehulp wat aan die boeregemeenskap verskaf is. Gemaat van kwartaal tot kwartaal, het die toename in skatkisuitreikings tot 'n jaarkoers verhef nie minder nie as 18,7 persent bedra, dit wil sê die koers van toename van kwartaal tot kwartaal was in die finale kwartaal aansienlik hoër as in die voorafgaande drie kwartale van die jaar.


Die koers van toename van jaar tot jaar in die *skatkisontvangste* (uitgesonder die opbrengs uit privatisering), wat van 13,0 persent in die Junie-kwartaal van 1993 tot 18,4 persent in die Desember-kwartaal toegeneem het, het in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 nog verder tot 19,7 persent gestyg. Hierdie voortgesette goeie prestasie van die staatsinkomste was hoofsaaklik te danke aan die herstel van die binnelandse ekonomie, wat tot hoër ontvangste in byna al die belangrike kategorieë van belasting gelei het.

Die *skatkistekort* voor lenings en skuldaflassing het in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 R4,8 miljard bedra, of 4,9 persent van die bruto binnelandse produk. Hierdie tekort, en die oordragte wat na die Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening, regeringsdienspensioenfondse en die geslote pensioenfondse gemaak is, is hoofsaaklik gefinansier deur middel van die uitreiking van staatseffekte (R14,8 miljard), 'n afname in die beskikbare kontantsaldo's van die regering (R5,3 miljard) en die oordragte wat vanaf die Landsvoorraadeverkrygingsfonds en die Sentrale Energiefonds (R1,4 miljard) gedoen is. Die regering het skatkiswissels ten bedra van R1,7 miljard afgelos en verder in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 klein netto terugbetaalings op buitelandse lenings en op nie-bemarkbare sekuriteite gemaak.

#### **Skatkisrekening vir die fiskale jaar 1993/94**

Die vinniger groei in *skatkisuitreikings* in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 het die uitreikings vir die jaar in die geheel op R114,8 miljard te staan gebring of 0,6 persent meer as in die oorspronklike begrotingsraming. Die koers van toename in staatsbesteding in die fiskale jaar 1993/94 het 9,3 persent beloop, wat aansienlik laer was as die koers van toename van 21,7 persent in die fiskale jaar 1992/93. Indien droogteverwante hulpuitgawes van R3,4 miljard nie in die fiskale jaar 1992/93 in aanmerking geneem word nie, het die koers van toename in staatsbesteding in die fiskale jaar 1993/94 steeds slegs 12,9 persent bedra. Hierdie koers van toename in staatsbesteding was baie laer as die gemiddelde koers van toename van 17,0 persent in die voorafgaande vyf fiskale jare.

#### **Rente op staatskuld as persentasie van totale staatsbesteding**



Die gunstige uitkoms in totale skatkisuitreikings in die fiskale jaar 1993/94 is bereik ondanks 'n aansienlike toename in kontraktuele rentebetאלings op staatskuld. Rentebetאלings het in die fiskale jaar 1993/94 in totaal R20,6 miljard beloop, wat nie minder nie as 24,7 persent meer as in die voorafgaande fiskale jaar was. Indien hierdie rentebetאלings van die skatkisuitreikings uitgesluit word, was die ander uitreikings in die fiskale jaar 1993/94 slegs 10,6 persent hoër as in die fiskale jaar 1992/93 (ook aangesuiwer vir droogteverwante hulpuitgawes). In verhouding tot die totale staatsbesteding, het rentebetאלings in die fiskale jaar 1993/94 tot 17,9 persent gestyg; hierdie verhouding was in die voorafgaande jaar 15,7 persent en in 1975/76 3,9 persent. Wat hierdie verdere toename in rentebetאלings nog meer kommerwekkend maak, is die feit dat dit nie die diskonto insluit wat by die uitreiking van bemarkbare staatskuld toegestaan is nie.

Aangesien die toename in staatsbesteding laer as die toename in die nominale bruto binnelandse produk was, het die verhouding van staatsbesteding tot die bruto binnelandse produk van 30,1 persent in die fiskale jaar 1992/93 tot 29,1 persent in die fiskale jaar 1993/94 gedaal. Hierdie ontwikkeling is natuurlik in ooreenstemming met die regering se bestaande langtermyn-doelstelling om die aandeel van die owerheid in die ekonomie te verminder.

Totale staatsinkomste het in die fiskale jaar 1993/94 R88,0 miljard bedra. Dit was 16,1 persent hoër as die inkomste wat vir die fiskale jaar 1992/93 deur die owerheid ingesamel is, en slegs R0,2 miljard laer as die begrote bedrag. Nadat die staatsinkomste vir drie

## Skatkisontvangstes 1993/94

Persentasieverandering

	Begroot	Werklike uitslag
Belasting op toegevoegde waarde.....	43,1	44,5
Inkomstebelasting .....	11,6	6,4
Maatskappye .....	1,0	-6,7
Individue.....	15,5	11,6
Doeane en aksynsregte .....	10,0	10,6
Doeaneheffing (ingesluit bobelasting).....	5,9	14,9
Brandstofheffing .....	12,1	11,5
Aksynsreg .....	11,1	11,2

agtereenvolgende jare gedaal het, het dit in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 21,7 persent in die fiskale jaar 1992/93 tot 22,3 persent in die fiskale jaar 1993/94 gestyg, hoofsaaklik te danke aan die toename in ontvangste van indirekte belasting. Indirekte belasting as persentasie van totale staatsinkomste, het van 40,3 persent in die fiskale jaar 1992/93 tot 45,3 persent in die fiskale jaar 1993/94 toegeneem.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het die meeste van die hoofkomponente van staatsinkomste min of meer in ooreenstemming met of beter as die Begrotingsverwagtings presteer, met die opmerklike uitsondering van inkomstebelasting op individue en maatskappye. Die laer-as-verwagte inkomste vanaf persoonlike inkomstebelasting het hoofsaaklik verband gehou met 'n laer koers van toename in salaris en lone as wat in die Begroting voorsien is. Inkomstebelasting vanaf maatskappye was die enigste belastingkategorie wat in die fiskale jaar 'n werklike afname getoon het; hierdie afname is waarskynlik veroorsaak deur die betreklik lae winste in die jaar van aanslag en die verlaging in belastingkoers wat op maatskappye van toepassing is. Soos verwag is het die opbrengs op die belasting op toegevoegde waarde in die fiskale jaar skerp gestyg met die vier persentasiepunte wat by hierdie belastingkoers toegevoeg is.

Die netto resultaat van hierdie veranderings in besteding en inkome in die fiskale jaar 1993/94 was 'n tekort voor lenings en skuldaflassing van R26,8 miljard; in die Begroting is die tekort op R25,9 miljard geraam. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die tekort voor lenings 6,8 persent beloop. Nadat netto oordragte van R13,4 miljard en die diskonto op nuwe uitgifte van staatseffekte van R2,7 miljard in berekening gebring is, het die totale finansieringsbehoefte van die Skatkis vir die fiskale jaar 1993/94 op R43 miljard te staan gekom.

Die leningsbehoefte van die regering is in die fiskale jaar 1993/94 grotendeels befonds deur staatseffekte tot


## Finansiering van die skatkistekort volgens tipe lener, 1993/94 fiskale jaar

Tipe lener	R miljoene
Openbare Beleggingskommissaris.....	14 528
Nie-monetäre private sektor .....	13 164
Monetäre instellings.....	15 625
Korporasie vir Openbare Deposito's.....	312
Ander monetäre instellings .....	15 313
Buitelanse sektor.....	-319
Totale bruto finansiering .....	42 998
Plus: Oordragte vanaf die Landsvoorrade-verkrygingsfonds en Sentrale Energie Fonds .....	1 406
Min: Oordragte na die Goud- en-buite-landsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening .....	7 500
Oordragte na die regeringsdiens-pensioenfondse en die gesloten pensioenfondse .....	7 340
Min: Diskonto op nuwe uitgifte van staatseffekte .....	2 722
<b>Totale netto finansiering .....</b>	<b>26 842</b>

'n netto bedrag van R41,8 miljard uit te gee en deur 'n afname van R1,8 miljard in beskikbare kontantsaldo's van die regering, terwyl klein netto terugbetaalings op uitstaande skatkiswissels, buitelandse lenings en nie-bemarkbare sekuriteite gemaak is. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, is die fondse vir die finansiering van die tekort van die owerheid hoofsaaklik vanaf die Openbare Beleggingskommissaris en die nie-monetäre private sektor verkry. Die netto eise van die monetäre instellings teen die regering het egter ook met R15,3 miljard gestyg, vanweë die uitgifte van 'n gestrooptekoepon-staatseffek van R7,5 miljard aan die Reserwebank ten einde die tekort op die Goud-en-buitelandse-valuta-gebeurlikheidsreserwerekening te verminder, 'n afname van R0,2 miljard in die deposito's van die Skatkis en Betaalmeester-generaal by die monetäre sektor en die aankoop van staatseffekte (hoofsaaklik langtermynpapier) ten bedrae van R7,6 miljard.

Ondanks 'n totale bruto finansieringsbehoefte van R43,0 miljard, het die totale staatskuld van die einde van Maart 1993 tot aan die einde van Maart 1994 met R37,5 miljard tot R192,1 miljard toegeneem. Waardasie-aansuiwerings aan staatskuld was nie die enigste rede vir die verskil tussen die toename in staatskuld en die totale bruto finansieringsbehoefte nie. Hierdie verskil kan ook toegeskryf word aan 'n afname in die beskikbare kontantsaldo's van die regering, buitengewone oordragte wat ontvang is en 'n trekking op die Internasionale Monetäre Fonds (wat deel van staatskuld maar nie van finansiering is nie). Terselfdertyd het die tekort op die Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwe-

### **Totale staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk**



rekening alreeds deel van die staatskuld (soos bereken deur die Reserwebank) uitgemaak. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het staatskuld nietemin gestyg van 44,2 persent aan die einde van die fiskale jaar 1992/93 tot 48,7 persent aan die einde van die fiskale jaar 1993/94.

#### **Skatkisrekening in April 1994**

In April 1994 was die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (aangesuiwer om kontantvloeie te weerspieël) 15,3 persent hoër as in April 1993, terwyl skatkisontvangste oor dieselfde tydperk met 36,7 persent toegeneem het. Hierdie aansienlike styging in skatkisontvangste kan egter toegeskryf word aan die buitengewoon laevlak van hierdie ontvangste wat in April 1993 aangeteken is. Die tekort voor lenings en skuldaflossing het in April 1994 R3,7 miljard bedra.

# Geldvoorraadriglyne vir 1994

Verklaring uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

25 Maart 1994

## 1. Agtergrond

Dit is nou agt jaar sedert die Reserwebank in Maart 1986 vir die eerste keer voorafbepaalde mikpunte vir die groeikoers in die geldvoorraad ingestel het. In daardie stadium is 16 tot 20 persent as 'n aanvaarbare groeikoers in die M3-geldvoorraad vir 1986 aangekondig. Die koers van toename in M3 vir 1986 het in werklikheid slegs 9,3 persent beloop. Daarna het die groeikoers in M3 gedurende 1988, toe mikpuntgrense van 12 en 16 persent van toepassing was, tot 27,2 persent versnel.

Die Reserwebank se ervaring met die stelling van riglyne vir die groeikoers in die geldvoorraad sedert 1986 was wisselvallig. Die Bank het, soos dit aanvanklik voorsien is, nooit 'n onbuigbare of oorheersende "geldreël" toegepas nie – diskresie het steeds 'n rol gespeel. Daar moes van tyd tot tyd ook met bewegings in die rentekoersvlakke, die vlak van die buitelandse reserwes en wisselkoersveranderings rekening gehou word. Die "oorsake" van die veranderings in die geldvoorraad kon ook nie altyd maar net geïgnoreer word nie.

Die Bank is per slot van sake van mening dat die stel van geldvoorraadriglyne, ten minste in die huidige Suid-Afrikaanse bestel, die beste anker vir monetêre beleid bied. Dit gee ook goeie aanduidings aan die owerhede wanneer hulle besluite oor die uitvoering van hul verantwoordelikhede ten opsigte van monetêre beleid moet neem. Dit is waar dat die geldvoorraad in baie ander lande sy aantrekingskrag as 'n anker vir doeleindes van monetêre beleid verloor het, en in sommige gevalle is dit afgeskaf en met 'n ander basis, byvoorbeeld die wisselkoers, vervang. In sommige lande – byvoorbeeld in die Verenigde Koninkryk, Nieu-Seeland en Kanada – streef die owerhede nou inflasieteikens meer direk na in stede daarvan om inflasie deur middel van 'n intermediêre teiken soos die geldvoorraad te probeer bestry. Hierdie benadering vereis egter 'n mate van samewerking tussen die regering, private ondernemings, vakunies en die sentrale bank wat in die huidige fase van sosio-politieke hervorming in Suid-Afrika uiters moeilik bereikbaar sal wees.

Die Reserwebank sal gevvolglik op hierdie tydstip voortgaan met die bestaande beleid waarvolgens veranderings in die geldvoorraad as die belangrikste kontrole van sy besluite ten opsigte van die toepassing van monetêre beleid gebruik word.

## 2. Die bedreiging van die betalingsbalans vir finansiële stabilitet

Die algehele binnelandse finansiële toestand het gedurende die afgelope jaar betreklik stabiel gebly. Die groeikoers in die M3-geldvoorraad het van 8,0 persent in Desember 1992 tot slegs 1,9 persent in Julie 1993

gedaal; in die daaropvolgende ses maande het dit matig tot 7,0 persent in Desember 1993 en nog verder tot 'n geraamde 9,6 persent in Januarie 1994 gestyg. Die gemiddelde vlak van die M3-geldvoorraad gedurende die vierde kwartaal van 1993 was 5,6 persent hoër as die gemiddelde vlak van M3 gedurende die vierde kwartaal van 1992. Die koers van toename was dus ietwat laer as die onderste perk van die mikpunttriglyne van 6 tot 9 persent wat deur die Reserwebank aan die begin van verlede jaar aangekondig is.

Die groeikoers oor twaalf maande in binnelandse kredietverlening deur monetêre instellings aan die niebank privaatsektor het eweneens vanaf 8,7 persent in Desember 1992 tot 5,7 persent in Mei 1993 afgeneem voordat dit in Desember 1993 tot 9,6 persent gestyg het.

Geldmarktoestande het egter regdeur die jaar betreklik stram gebly. Dit is in hoofsaak toe te skryf aan 'n feitlik deurlopende afname in die Reserwebank se netto buitelandse bates. As gevolg van 'n groot netto kapitaaluitvloei wat vir die kalenderjaar op R16,3 miljard bereken is en wat wesentlik hoër is as die beraamde oorskot van R5,9 miljard op die lopende rekening van die betalingsbalans, het die land se netto buitelandse reserwes in 1993 met R10,3 miljard gedaal. Die Reserwebank se verkoop van buitelandse valuta aan die mark het gevvolglik heelwat likwiditeit uit die stelsel ontrek. Die Bank het egter tussenbeide getree en deur middel van 'n aantal ander optredes 'n groot hoeveelheid bykomstige likwiditeit geskep ten einde te voorkom dat rentekoerse styg. Hierdie optredes was selfs voldoende om 'n verdere daling in markrentekoerse te ondersteun. Die Bank het in die proses:

- gedurende April 1993 en weer gedurende Augustus 1993 die minimum kontantreserwevereiste vir bankinstellings verminder. Hierdie verminderings het nagenoeg R2,2 miljard kontantreserwes wat voorheen by die Reserwebank gehou is, in die mark vrygelaat;
- al die uitstaande Reserwebankwissels ten bedrae van R0,5 miljard afgelos. Hierdie wissels is aanvanklik uitgereik ten einde 'n gedeelte van die kontantoorskot in die geldmark te neutraliseer;
- vanaf 31 Desember 1992 tot 31 Desember 1993 sy eie staatseffekteportefeuille met 'n netto bedrag van R0,7 miljard vergroot. Hierdie addisionele effekte is deur middel van die Bank se normale openmarktransaksies uit die mark verkry;
- die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's aangepas deur meer van die Korporasie se beskikbare fondse in die geldmark en minder by die

Tesourie te belê. Hierdie transaksies het 'n verruimende effek van nagenoeg R1,6 miljard op die geldmark-toestande gehad; en

- kontantbalanse van die Tesourie wat voorheen as deposito's by die Reserwebank gehou is na private bankinstellings oorgeplaas. Hierdie nuwe prosedure is in Junie 1993 ingestel in afwagting op die voorgestelde stelsel van belasting- en leningsrekenings vir Tesouriefondse wat gedurende 1994 gefinaliseer en geïmplementeer sou word.

Hierdie intervensie-optredes van die Reserwebank in die geldmark het dus 'n kardinale rol gespeel in die handhawing van finansiële stabilitet gedurende 1993 en het 'n verdere afwaartse neiging van rentekoerse, alhoewel teen 'n stadiger tempo, ondersteun. Die koers op interbankdaggeld het byvoorbeeld van 16,00 persent aan die einde van 1991 tot 12,25 persent aan die einde van 1992, tot 10,00 persent aan die einde van Desember 1993 en tot 9,50 persent aan die einde van Februarie 1994 afgeneem.

Die Reserwebank het die Bankkoers by twee geleenthede gedurende 1993 met een persentasiepunt tot sy huidigevlak van 12 persent verlaag. In totaal is die Bankkoers nou met 6 persentasiepunte verlaag, of met eenderde vanaf die hoogtepunt van 18 persent wat laat in 1989 bereik is. Ander markverwante rentekoerse, byvoorbeeld die primakoers van banke, het die Bankkoers gevvolg en is ook gedurende 1993 verder verlaag.

Die Bank se ondersteuning van die buitelandse valutamark het terselfdertyd voorkom dat die wisselkoers van die rand oormatig depresieer. Die nominale effektiewe wisselkoers van die rand het nietemin gedurende 1993 met 8,7 persent gedaal, in teenstelling met 4,4 persent gedurende 1992. Die depresiasi van die rand gedurende 1993 het die differensiaal in die inflasiekoerse tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennote oorskry, met die gevvolg dat die reële effektiewe wisselkoers gedurende 1993 met 4,9 persent gedaal het.

### 3. Gunstige resultate ten opsigte van inflasie

Ná 'n tydperk van betreklike finansiële stabilitet en 'n jaarkoers van toename in die geldvoorraad van ruim onder 10 persent in elk van die afgelope twee jare, het die inflasione druk in die ekonomie uiteindelik begin kwyn. Die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks het van 15,2 persent in 1989 tot slegs 6,6 persent in 1993 afgeneem – die laagste vlak sedert 1971.

Die koers van toename in die verbruikersprysindeks het ook verlede jaar tot onder 10 persent gedaal. Met hierdie koers op 9,7 persent verteenwoordig 1993 die eerste jaar sedert 1973 dat 'n enkelsyferkoers in verbruikersprysinflasie aangeteken is. Vanaf April 1993, die

maand waarin die toegevoegdewaarde belasting en ook ander indirekte belastings verhoog is, tot Januarie 1994 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die verbruikersprysindeks slegs 7,4 persent beloop.

Normaalweg kom daar lang tydsloerings voor tussen veranderings in die onderliggende ekonomiese kragte wat tot inflasie lei en die uiteindelike verandering in verbruikerspryse. Terwyl dit dus met 'n mate van vertroue voorspel kan word dat die inflasiekoers gedurende die res van hierdie jaar matig behoort te bly, moet ons nou waak teen stappe wat oor die langer duur tot die herlewning van sterker inflasiekragte in die ekonomie aanleiding sal gee. Die ervaring van die afgelope paar jaar het bewys dat dit uitermate moeilik is om inflasie af te bring wanneer dit eers in die denke van mense vasgesteek het.

### 4. Geldvoorraadriglyne vir 1994

Die Reserwebank moet nou oor geldvoorraadriglyne vir 1994 besluit sonder die voordeel daarvan om vooraf insae in die Regering se Begrotingsprogram vir 1994/95 te hê. Dit is egter vanselfsprekend noodsaklik dat monetêre en fiskale beleid gekoördineer moet word en daar is dus, soos gebruiklik, met die Minister van Finansies ooreleg gepleeg oor die riglyne vir 'n aanvaarbare koers van toename in M3 vir 1994.

Ná die gunstige resultate van die vorige jaar, is die versoeking groot om die stryd teen inflasie nou te versnel en om die monetêre beleid wat vir hierdie doel aangewend word, selfs verder te verskerp. Daar sal egter meer as bloot net 'n stram monetêre beleid nodig wees om hierdie skadelike siekte totaal uit die stelsel te weer. In die huidige fase van grootskaalse sosio-politieke hervorming sal dit uiters moeilik wees om 'n totale ekonomiese pakket saam te stel wat in hierdie stadium inflasie in Suid-Afrika tot 'n einde sal bring, ten spyte van die ooglopende en verreikende voordele wat so 'n beleid vir toekomstige ekonomiese ontwikkeling mag inhoud.

Die Reserwebank is gevvolglik deur die volgende oorwegings in sy besluit oor aanvaarbare riglyne vir die toename in die geldvoorraad in 1994 beïnvloed:

- Die huidige ontluikende ekonomiese oplewing mag nie toegelaat word om momentum te verloor nie. Monetêre beleid moet nie gebruik word om die oplewing kunsmatig te stimuleer nie, maar behoort dit ook nie te beperk nie. Die toename in die geldvoorraad behoort voldoende te wees om reële ekonomiese groei van ten minste 3 persent in die bruto binnelandse produk gedurende 1994 te akommodeer.
- Die betalingsbalanspositie wat steeds kwesbaar is, behoort beskerm te word. 'n Oormatige toename in die geldvoorraad in hierdie stadium sal die verdere uitvloei van kapitaal uit die land vergemaklik.
- Die onderliggende inflasiekoers, wat tans rondom die vlak van 7 persent beweeg, is steeds betreklik hoog

indien dit met die heersende inflasiekoerse in bykans alle nywerheidslande vergelyk word. Monetêre beleid moet dus voortgaan om steeds afwaartse druk op inflasie in Suid-Afrika uit te oefen.

- Vanweë die betreklik lae vlak van die omloopsnelheid van die bestaande geldvoorraad, is daar verdere ruimte vir 'n toename in monetêre besteding, selfs sonder enige toename in die geldvoorraad.

Teen hierdie agtergrond het die Reserwebank besluit om die riglyne van 6 tot 9 persent vir 1993 as 'n aanvaarbare perk vir die koers van toename in M3 in 1994 te behou. Dit sal versoenbaar wees met die Bank se doelwitte ten opsigte van die handhawing van algehele finansiële stabiliteit indien die gemiddelde vlak van die M3-geldvoorraad in die vierde kwartaal van 1994 binne 'n 6 tot 9 persent perk bokant die gemiddelde vlak van M3 gedurende die vierde kwartaal van 1993 sal val.

Alhoewel dit weer eens beklemtoon moet word dat dit nie die Bank se bedoeling is om te alle tye 'n onbuigsame geldreël wat aan hierdie riglyne gekoppel is na te volg nie, behoort wesenlike afwykings van hierdie riglyne tot proaktiewe monetêre beleidsoptrede deur die Bank aanleiding te gee. Tydelike afwykings van die riglynperke mag weer voorkom, soos dikwels in die verlede die geval was. Sodanige afwykings kan veroorsaak word deur veranderings in die betalingsbalans, of deur ander tydelike skommelings in die oorsaaklike faktore wat onderliggend aan die geldvoorraadstatistiek is. Die Bank sal egter tydig moet optree sodra bepaalde langertermynneigings ontwikkel in die geldvoorraad om buiten die grense van die "kegel" wat deur die aanvaarde riglyn van 6 tot 9 persent groei in M3 in 1994 bepaal word, te wil beweeg.

# Die modellering van inflasieverwagtings

deur C.J. Pretorius

## 1. Inleiding

Soos breedvoerig beskryf in 'n artikel in die Kwartaalblad van Maart 1994<sup>1</sup>, is die prysvormingsproses in Suid-Afrika by uitstek afhanklik van die veranderinge in arbeidskoste, wat op hul beurt weer grotendeels deur inflasieverwagtings beïnvloed word, dit wil sê die inflasiekoers wat mense verwag in die toekoms sal bestaan. Ongelukkig is daar geen eenstemmigheid oor die eenduidigheid van inflasieverwagtings nie, dit wil sê oor die manier waarop sulke verwagtings gevorm word en hoe dit gemeet behoort te word. In ekonometriese ontledings word 'n subjektiewe aanname derhalwe gemaak oor die vorming van verwagtings, wat dan as 'n ondersteunende hipotese in die raming van gedragsvergelykings gebruik kan word.

Ekonometriese ontledings kan natuurlik aansienlik verbeter word indien inflasieverwagtings regstreeks waarneembaar en meetbaar sou wees. In sommige lande word opnames van prysverwagtings op 'n gereeld grondslag gedoen. Die opnamegegewens kan dan regstreeks in struktuurverwantskappe gebruik word as 'n aanduiding van die ware onderliggende verwagtings. Hoewel enkele meningspeilings oor inflasieverwagtings in Suid-Afrika gedoen word, is daar geen konsekwente tydreeks van prysverwagtings beskikbaar wat in die skattung van vergelykings gebruik kan word nie.

Die oogmerk met hierdie artikel is dus om sommige van die formuleringe van inflasieverwagtings te bestudeer en om die toepaslikheid daarvan te toets op grond van Suid-Afrikaanse gegevens. Hierdie hipoteses oor die vorming van inflasieverwagtings word in afdeling 2 van hierdie artikel beskryf en daarna empiries in afdeling 3 getoets. Die voorspellingsresultate, sowel as 'n toets vir die akkuraatheid van die verskillende inflasieverwagtingshipoteses, word in afdeling 4 in tabelle opgesom. 'n Paar samevattende opmerkings word ten slotte in afdeling 5 gemaak.

## 2. Modelle van inflasieverwagtings.

Die volgende inflasieverwagtingshipoteses is in hierdie studie ondersoek:

- verwagtings gegrond op die jongste waargenome inflasiekoerse;
- verwagtings gegrond op verspreide sloerings van

waargenome inflasiekoerse;

- aanpasbare verwagtings;
- geékstrapoleerde verwagtings;
- rationele verwagtings;
- verwagtings gebaseer op tydreeksontledings.

### Waargenome inflasiekoers van vorige tydperk

Een van die mees elementêre metodes om inflasieverwagtings te beskryf, is om aan te neem dat die koers van toename in die algemene prysvlak in tydperk "t" na verwagting gelyk sal wees aan die waargenome inflasiekoers van die vorige tydperk, "t-1". Hierdie metode kan deur die volgende vergelyking voorgestel word:

$$\begin{aligned} p_t^* &= p_{t-1}, \text{ waar} \\ p_t^* &= \text{inflasieverwagtings in tydperk "t", en} \\ p_{t-1} &= \text{die inflasiekoers in die onmiddellik} \\ &\quad \text{voorafgaande tydperk.} \end{aligned}$$

Een van die nadelle van hierdie benadering is dat dit heeltemal te veel klem plaas op die inflasiekoers van een bepaalde tydperk. Daar word byvoorbeeld aanvaar dat die negatiewe uitwerking van eenmalige gebeurtenisse (soos die instelling van die stelsel van belasting op toegevoegde waarde) op die inflasiekoers in 'n besondere tydperk ten volle deurgevoer word na die verwagte inflasiekoers van die onmiddellik daaropvolgende tydperk, selfs al is dit onwaarskynlik dat sulke gebeure in die daaropvolgende tydperk herhaal sal word.

### Verspreide sloerings van waargenome inflasiekoerse

Met inagneming van die nadelle verbonde aan verwagtings wat op die gebeure in 'n enkele tydperk gegrond is, is 'n ander benadering gevolg waarin veronderstel word dat die verwagte inflasiekoers 'n geweegde gemiddelde is van die voorafgaande inflasiekoerse. Daar word gewoonlik aangeneem dat die gewigte met die verloop van tyd afneem, wat beteken dat inflasieverwagtings stelselmatig aanpas. Hierdie metode om inflasieverwagtings te bereken kan op die volgende wyse voorgestel word:

$$p_t^* = \sum_{i=1}^n w_i p_{t-i}$$

Daar word dikwels aangeneem dat die som van die koëffisiënte ( $w$ ) gelyk is aan een. Dit beteken dat voortgesette inflasie teen 'n konstante koers uiteindelik ten volle verwag sal word.

### Aanpasbare verwagtings

Een van die gewildste en wydtoegepaste hipoteses met betrekking tot die vorming van inflasieverwagtings is die

1 Pretorius, C.J. en Smal, M.M.: "'n Makro-ekonomiese beskouing van die prysvormingsproses in die Suid-Afrikaanse ekonomie", Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Maart 1994.

aanpasbare verwagtingsformule, soos dit deur Cagan<sup>2</sup> gebruik is in sy studies oor hiperinflasie. Hierdie benadering behels dat inflasieverwagtings as 'n geweegde gemiddelde van vorige inflasie met meetkundig afnemende gewigte uitgedruk kan word. Die Koyck-transformasietechniek kan dan op die vergelyking toegepas word om dit om te skakel na die volgende vergelyking:

$$\hat{p}_t^* = a_0 + a_1 \hat{p}_{t-1}^* + a_2 \hat{p}_t$$

As aangeneem word dat  $a_1 + a_2 = 1$  en  $a_0 = 0$ , kan die aanpasbare verwagtings ook aangedui word deur:

$$\hat{p}_t^* - \hat{p}_{t-1}^* = a_2(\hat{p}_t - \hat{p}_{t-1}^*), 0 < a_2 < 1$$

Hierdie vergelyking gee te kenne dat verwagtings opwaarts of afwaarts aangepas word na gelang van die jongste fout in die vooruitskatting van die inflasiekoers. In die geval van 'n stygende neiging in inflasie behoort hierdie definisie van inflasieverwagtings egter tot 'n voortgesette onderskatting van die waargenome inflasiekoers te lei. Omgekeerd behoort verwagte inflasie altyd hoer te wees as die waargenome inflasie wanneer inflasie besig is om te daal.

### Geekstrapoleerde verwagtings

Die hipotese van geekstrapoleerde verwagtings soos deur Hirsch en Lovell<sup>3</sup> beskryf, kan soos volg aangedui word:

$$\hat{p}_t^* = a_0 + a_1(\hat{p}_{t-1}^* - \hat{p}_{t-2}^*) + a_2 \hat{p}_{t-1}$$

Inflasieverwagtings word in hierdie vergelyking beskryf as 'n funksie van die vorige waargenome inflasiekoers sowel as die verskil tussen die inflasiekoers van die vorige twee tydperke. Een kenmerk van hierdie hipotese is die regressiwiteit van verwagtings. As  $a_1 > 0$  word die vorige veranderings van die waargenome koers geekstrapoleer en word verwag dat dit in die toekoms sal voortduur. As  $a_1 < 0$  word daarenteen verwag dat die vorige neiging omgekeer sal word.

### Rationale verwagtings

Die rationeleverwagtingsmodel van inflasie dui aan dat die verwagte inflasiekoers in enige besondere tydperk gegrond word op al die inligting wat op daardie oomblik vir besluitnemers beskikbaar is. Hierdie inligting omvat die vorige werkverrigting van die ekonomie, sowel as verwagtings van toekomstige beleidsrigtings wat moontlik deur die owerhede gevolg kan word. Veranderings in uitgesoekte sleutelveranderlikes, soos die geldvoorraad,

die wisselkoers van die geldeenheid en die begrotingstekort van die owerheid, kan beskou word as aanwysers van ekonomiese beleidsrigtings wat inflasieverwagtings kan beïnvloed.

Gegrond op die aannname dat veranderings in die geldvoorraad 'n aanwyser is van die monetêre beleid en van die huidige of toekomstige inflasie, sal ekonomiese besluitnemers hulle rationele verwagtings van inflasie in tydperk "t" bepaal volgens die koers van verwagte monetêre uitbreiding vir tydperk "t". Dit gee aanleiding tot die volgende vergelyking vir prysverwagtings:

$$\hat{p}_t^* = \hat{m}_t^*$$

Die veranderlike  $\hat{m}_t^*$  verteenwoordig die verwagte koers van monetêre uitbreiding. Die verwagte koers van monetêre uitbreiding word bepaal deur die opvatting van ekonomiese besluitnemers oor die faktore waarop die monetêre owerhede ag slaan wanneer hulle  $\hat{m}_t$  bepaal en die waarskynlike gevolge van die owerhede se optrede. Die sentrale bank mag byvoorbeeld 'n reël of riglyn hê waarvolgens die koers van monetêre uitbreiding bepaal word. Ekonomiese besluitnemers sal die optrede van die monetêre owerhede bestudeer en hierdie inligting dan gebruik om die sistematiese komponente van die sentrale bank se beleidsmaatreëls te voorspel. Die werklike koers van monetêre uitbreiding wat gerealiseer word, sal afhang van die gemiddelde groeikoers in die geldvoorraad en 'n ewekansige veranderlike wat 'n voorstelling is van die onreëlmatige wisseling in die groeikoers van die geldvoorraad en wat nie deur die sentrale bank beheer kan word nie. Dit kan deur die volgende vergelyking voorgestel word:

$$\hat{m}_t = m + e_t$$

waar  $m$  die gemiddelde koers van monetêre uitbreiding voorstel en  $e_t$  die toevallige komponent in die groeikoers van die geldvoorraad.

Die opvatting dat ekonomiese besluitnemers in staat is om die sistematiese gedrag van die sentrale bank te identifiseer en die gevolge daarvan te voorspel, kan ook van toepassing gemaak word op hul vermoë om enige ander sistematiese beleidsoptrede en die gevolge daarvan te voorspel. Prysverwagtings kan ook beïnvloed word deur waargenome veranderings in die fiskale beleid sowel as waargenome en verwagte veranderings in die wisselkoers.

### Tydreeksmodelle

Die kenmerkende eienskap van 'n tydreeksmodel, in teenstelling met 'n ekonometriese model, is dat daar normaalweg geen poging aangewend word om 'n spesifieke tydreeks met ander veranderlikes in verband te bring nie; die bewegings van die tydreeks word slegs aan die hand van sy eie historiese waardes verklaar. 'n Ewekansige proses kan gebruik word om die beweging van 'n tydreeks rondom sy gemiddelde soos volg te beskryf:

<sup>2</sup> Cagan, P. en Lipsey, R.: *The Financial Effects of Inflation*, Cambridge, Massachusetts, National Bureau of Economic Research, 1978.

<sup>3</sup> Hirsch, A.A. en Lovell, M.C.: *Sales Anticipation and Inventory Behaviour*, New York, John Wiley and Sons.

$$y_t - \mu = \phi(y_{t-1} - \mu) + \varepsilon_t$$

waar  $y_t$  die waarneming van die tydreeks in tydperk "t" is,  $\mu$  die rekenkundige gemiddelde van die reeks en  $\varepsilon_t$  'n ewekansige fouteterm voorstel.

'n Model wat gesloerde waardes van sowel die waargenome as die fouteterm bevat, staan bekend as 'n outoregressiewe-bewegende-gemiddelde (ARMA) proses. As  $|\phi| < 1$ , wissel die waarnemings rondom die gemiddelde van die reeks en is die reeks stasionêr. Hoewel baie min tydreekse op sigself stasionêr is, is hierdie begrip van wesenlike belang vir tydreeksontledings. Stasionêre ARMA-prosesse vorm die grondslag waarop 'n tydreeks met meer algemene elenskappe gebou kan word. Die meeste tydreekse wissel nie rondom 'n konstante vlak nie, maar toon eerder 'n sistematiese opwaartse of afwaartse neiging. Ten einde 'n tydreeks stasionêr te maak, kan dit omvorm word deur byvoorbeeld van logaritmes van waarnemings en verskille tussen opeenvolgende waarnemings gebruik te maak.

As 'n klassieke lineêre regressiemodel (met tyd as die onafhanklike veranderlike) op die waarnemings van 'n tydreeks gepas word, word konstante parameters geraam en 'n neiging oor al die waarnemings van die tydreeks bereken. Daar word aanvaar dat hierdie neiging onveranderd sal bly. Die ARMA-proses is daarenteen 'n vooruitskattingsprosedure wat die parameters toelaat om by veranderings in die gegewens aan te pas. Meer gewig word aan die jongste waarnemings verleen, en vooruitskattings word op die skatting van die jongste neiging in plaas van die neiging oor die hele skattings-tydperk gebaseer.

Box en Jenkins het gebruik gemaak van die veronderstelling dat die optimale vooruitskatting vir 'n tydreeks oorwegend afhang van die spesifieke vorm van die stochastiese proses van die reeks wat vooruitgeskat word. As die reeks beskryf word deur 'n ARIMA-proses ('n outoregressieve-geïntegreerde-bewegende-gemiddelde proses), is die huidige tydperk se vooruitskatting die eindresultaat van 'n geweegde gemiddelde van al die vorige waarnemings.

### 3. Statistiese skatting van vergelykings van inflasieverwagtings

Die empiriese resultate van die geskattede vergelykings word in hierdie afdeling beskryf. Al die ekonometriese berekeninge is gedoen met kwartaallikse seisoensaangepaste gegewens. T-waardes van die geskattede koëffisiënte, sowel as die volgende opsommende gegewens word verstrekk:

$$\begin{aligned}\bar{R}^2 &= \text{Aangepaste bepaalheidskoëffisiënt;} \\ D-W &= \text{Durbin-Watson d-statistiek;} \\ RHO &= \text{Outokorrelasie-koëffisiënt.}\end{aligned}$$

Die skattingstydperk word onder aan die opsommende gegewens vir elke vergelyking getoon.

Die persentasieverandering oor vier kwartale in die aangeleide deflator vir private verbruiksbesteding word gebruik as 'n aanwyser van inflasie en van verwagte inflasie.

#### Waargenome inflasiekoers van vorige tydperk

Indien inflasieverwagtings slegs deur die vorige tydperk se waargenome inflasiekoers bepaal word, kan die funksie op die volgende wyse voorgestel word:

$$\hat{p}_t^* = 1,0 \cdot p_t$$

Hierdie manier om verwagtings te definieer is duidelik ontoepaslik wanneer die waargenome inflasie baie onbestendig is. In Suid-Afrika, met sy betreklik bestendige inflasiekoers in die tagtigerjare, kon hierdie koers deur baie besluitnemers in daardie tydperk gebruik word as 'n aanvaarbare metode vir die vooruitskatting van inflasie.

**Verspreide sloerings van waargenome inflasiekoers**  
'n Almon-sloeringstruktur is gebruik om die patroon van die waargenome inflasiekoers in die betrokke tydperk te beskryf. Daar is aanvaar dat die gewigte van die gesloerde veranderlike 'n patroon volg wat voorgestel word deur 'n tweedegraadse polinoom met 'n eindpuntbeperking, met ander woorde die gewigte word nul na 'n aantal tydperke.

Die funksie is soos volg geskab:

$$\hat{p}_t^* = 0,54 + 0,48 \cdot \hat{p}_{t-1} + 0,32 \cdot \hat{p}_{t-2} + 0,16 \cdot \hat{p}_{t-3}$$

$$(2,06) (40,57) (40,57) (40,57)$$

$$\bar{R}^2 = 0,93$$

$$D-W = 1,30$$

Skattingstydperk: 1962.I tot 1993.IV

#### Aanpasbare verwagtings

Dit is nie moontlik om die hipoteese dat verwagtings aanpasbaar is (sien afdeling 2) empiries te toets nie vanweë die gebrek aan waarnemings van inflasieverwagtings. Die aanpasbare verwagtings kan nie gelyk gestel word aan die waargenome inflasiekoers nie, omdat die waargenome inflasiekoers dan aan albei kante van die vergelyking wat geskab word sal voorkom.

Op grond van die aanname dat verwagte inflasie proporsioneel gelyk is aan waargenome inflasie, kan die vergelyking vir aanpasbare verwagtings, naamlik:

$$\hat{p}_t^* = a_0 + a_1 \hat{p}_{t-1}^* + a_2 \hat{p}_t$$

herleid word na 'n funksie van slegs die vorige tydperk se inflasiekoers. Die funksie is soos volg geskab:

$$\hat{p}^e = 0,45 + 0,96 \cdot p_{t-1}$$

(1,88) (44,83)

$$\bar{R}^2 = 0,94$$

$$D-W = 2,22$$

Skattingstydperk: 1961.II tot 1993.IV

### Die hipotese van geékstrapoleerde verwagtings

Volgens die hipotese van geékstrapoleerde verwagtings word die verwagte inflasiekoers in 'n gegewe tydperk deur die waargenome inflasiekoers in die voorafgaande tydperk bepaal, soos aangepas vir die waargenome verandering in die inflasiekoers. Die funksie word soos volg geskat:

$$\hat{p}^e = 0,47 - 0,18 \cdot (\hat{p}_{t-1} - \hat{p}_{t-2}) + 0,96 \cdot \hat{p}_{t-1}$$

(1,98) (1,99) (45,15)

$$\bar{R}^2 = 0,94$$

$$D-W = 1,99$$

Skattingstydperk: 1961.III tot 1993.IV

### Rasionele verwagtings

Op die veronderstelling dat veranderings in die geldvoorraad verteenwoordigend is van monetêre beleid, dat veranderings in die prys van ingevoerde goedere 'n aanduiding is van wisselkoersveranderings en dat die begrotingstekort van die owerheid verteenwoordigend is van fiskale beleid, word aanvaar dat ekonomiese besluitnemers hulle rasionele verwagtings van inflasie in tydperk "t" grond op:

- die groeikoers oor vier kwartale in die M3-geldvoorraad per eenheid van produksie ( $M_3$ );<sup>4</sup>
- die persentasieverandering oor vier kwartale in die 'prys van ingevoerde goedere ( $pf$ );
- die inflasiekoers in die voorafgaande tydperk ( $p$ ); en
- 'n bewegende gemiddelde oor vier kwartale van die owerheid se begrotingstekort in verhouding tot die nominale bruto binnelandse produk ( $gd$ ).

$$\hat{p}^e = 0,03 \cdot M_{3,t-4} + 0,03 \cdot pf_{t-2} + 0,08 \cdot gd_{t-3} + 0,89 \cdot p_{t-1}$$

(2,34) (2,05) (1,70) (30,18)

$$\bar{R}^2 = 0,94$$

$$D-W = 2,27$$

Skattingstydperk: 1962.III tot 1993.II

As gevolg van die aansienlike toename in die begrotings-

<sup>4</sup> Proefnemings is gedoen met verskillende definisies van die geldvoorraad in die uiteenstelling van die rasionele verwagtingsvergelyking. Dit het uiteindelik duidelik gevlyk dat die geldvoorraaddefinisië van M3 die beste veranderlike is om in hierdie vergelyking te gebruik.

tekort van die owerheid gedurende die afgelope jare, het vooruitskattings met behulp van bogenoemde vergelyking geleid tot 'n aansienlike oorskating van inflasieverwagtings. Dit kan daaroor toegeskryf word dat die vergelyking oor 'n lang tydperk geskat is waartydens die begrotingstekort betreklik klein was, wat 'n betreklik groot geskatte koëffisiënt vir die begrotingstekort tot gevolg gehad het. Nadat die vergelyking oor 'n korter en meer onlangse tydperk herskat is, het die koëffisiënte aansienlik verander, maar hulle was nie meer statisties betekenisvol nie.

'n Ander rasionaleverwagtingsmodel wat die begrotingstekort van die owerheid bulte rekening laat is gevlyk gespesifiseer en dit het die vooruitskattingsvermoë van die model aansienlik verbeter. Die betrokke vergelyking is soos volg geskat:

$$\hat{p}^e = 0,04 \cdot M_{3,t-3} + 0,03 \cdot pf_{t-2} + 0,91 \cdot p_{t-1}$$

(3,04) (2,15) (37,23)

$$\bar{R}^2 = 0,94$$

$$D-W = 2,26$$

Skattingstydperk: 1962.III tot 1993.IV

### ARIMA-modelle

'n ARIMA-model vir inflasieverwagtings met behulp van die Box-Jenkins-metode is bereken, waarin aangeneem is dat verwagtings 'n geweegde funksie van hulle eie vorige waarnemings is.

Die inflasieverwagtingsproses is geïdentifiseer as 'n ARIMA(0,1,1) model, wat die volgende impliseer:

- dat geen outoregressiewe struktuur teenwoordig is nie;
- 'n differensiasiefaktor van een; en
- 'n bewegende gemiddelde-faktor  $\epsilon$ , met 'n sloering van vier tydperke.

Die berekende koëffisiënte van die ARIMA-model kan soos volg opgesom word:

$$\hat{p}^e - \hat{p}_{t-1}^e = 0,11 + (\epsilon - 0,6314\epsilon_{t-4})$$

(3,12) (8,91)

$$\bar{R}^2 = 0,95$$

Skattingstydperk: 1961.II tot 1993.II

## 4. Opsomming van resultate

### Opsomming van regressiereultate

In tabel 1 word die resultate van die verskillende hipoteses oor die vorming van verwagtings met mekaar vergelyk. Volgens hierdie tabel is dit duidelik dat die aangepaste bepaaldheidskoëffisiënt ( $\bar{R}^2$ ) van die verskillende hipoteses almal besonder hoog is. Die  $\bar{R}^2$  is dus nie 'n voldoende maatstaf om die verskillende

**Tabel 1**  
**Opsomming van regressieresultate**

Verwagtingshipotese	R <sup>2</sup>	D-W
Verspreide sloerings van waargenome inflasiekoerse.....	0,93	1,30
Aanpasbare verwagtings.....	0,94	2,22
Geekstrapoleerde verwagtings.....	0,94	1,99
Rationale verwagtings.....	0,94	2,27
Rationale verwagtings (begrotingstekort uitgesluit).....	0,94	2,26
ARIMA-model.....	0,95	-

hipoteses van mekaar te onderskei nie.

#### **Opsomming van voorspellingsresultate**

Daar is gevoldiglik besluit om die voorspellings wat met behulp van die verskillende hipoteses gemaak is met mekaar te vergelyk vir 'n tydperk waarvoor die werklike gegevens reeds beskikbaar is. Dinamiese simulasies is oor die tydperk van die eerste kwartaal van 1992 tot die vierde kwartaal van 1993 uitgevoer.

Die hipotese waarvolgens inflasievooruitskattinge gegrond word op die waargenome inflasiekoers van die verlede, was in staat om inflasie vir 1992 redelik akkuraat te voorspel omdat die waargenome inflasiekoers in 1992 deurgaans min of meer op dieselfde vlak gebly het as die waargenome inflasiekoers van die vierde kwartaal van 1991. Nadat die inflasiekoers in 1993 begin afneem het, het die persentasiefout aansienlik toegeneem. Dit bevestig dat die tydkeuse van die vooruitskatting, veral in die geval van 'n dinamiese vooruitskatting, 'n belangrike rol speel in die akkuraatheid van die vooruitskatting. As die vooruitskatting vir slegs een tydperk in die toekoms geprojekteer word, kan die waargenome inflasiekoers van die voorafgaande tydperk in plaas van die vorige

**Tabel 3**  
**Vooruitskattinge gegrond op die model met verspreide sloerings**

	Waargenome waarde	Vooruit- skatting	Persentasie- fout
1992 kw1	16,95	15,90	-6,2
1992 kw2	16,37	16,01	-2,2
1992 kw3	15,66	15,97	2,0
1992 kw4	15,71	15,87	1,0
1993 kw1	12,71	15,83	24,5
1993 kw2	11,14	15,77	41,6
1993 kw3	10,48	15,72	50,0
1993 kw4	8,21	15,66	90,7
Gemiddelde absolute persentasiefout			27,3

voorspelde waarde gebruik word. Dit maak dit makliker vir verwagtings om aan te pas by die waargenome veranderings in inflasie.

Die hipotese van verspreide sloerings was ook nie in staat om die draalpunt in die inflasiekoers gedurende die negentigerjare te voorspel nie (sien tabel 3). Hierdie tekortkoming in die vooruitskattingsvermoë van hierdie hipotese kan daaraan toegeskryf word dat die vergelyking gegrond is op die geweegde gemiddelde van die redelik bestendige inflasiekoerse van die verlede.

Die vereenvoudigde hipotese van aanpasbare verwagtings was in staat om die inflasiekoers vir 1992 redelik akkuraat vooruit te skat. Hierdie metode was egter ook nie in staat om die afname in die inflasiekoers gedurende 1993 te voorspel nie. Die akkuraatheid van die vooruitskatting op grond van die hipotese van aanpasbare verwagtings was egter effens beter as wat

**Tabel 2**  
**Vooruitskattinge gegrond op voorafgaande inflasie**

Waargenome waarde	Vooruit- skatting	Persentasie- fout
1992 kw1	16,95	-2,0
1992 kw2	16,37	1,5
1992 kw3	15,66	6,1
1992 kw4	15,71	5,7
1993 kw1	12,71	30,7
1993 kw2	11,14	49,1
1993 kw3	10,48	58,5
1993 kw4	8,21	102,3
Gemiddelde absolute persentasiefout		32,0

**Tabel 4**  
**Vooruitskattinge gegrond op die model met aanpasbare verwagtings**

Waargenome waarde	Vooruit- skatting	Persentasie- fout
1992 kw1	16,95	-3,3
1992 kw2	16,37	-1,2
1992 kw3	15,66	2,0
1992 kw4	15,71	0,5
1993 kw1	12,71	22,7
1993 kw2	11,14	38,5
1993 kw3	10,48	45,6
1993 kw4	8,21	83,8
Gemiddelde absolute persentasiefout		24,7

**Tabel 5**  
**Vooruitskattings gegrond op die model met geëkstrapoleerde verwagtings**

Waargenome waarde	Vooruit-skattung	Persentasie-fout
1992 kw1	16,95	16,32
1992 kw2	16,37	16,25
1992 kw3	15,66	16,15
1992 kw4	15,71	16,05
1993 kw1	12,71	15,96
1993 kw2	11,14	15,86
1993 kw3	10,48	15,78
1993 kw4	8,21	15,69
Gemiddelde absolute persentasiefout		27,4

met behulp van die ander twee metodes hierbo verkry is.

Soos in tabel 5 aangedui word, het die hipotese van geëkstrapoleerde verwagtings effens swakker gevaa as die hipoteses dat verwagtings aanpasbaar en deur verspreide sloerings beskryf kan word. Dit voorspel die inflasiekoers ook slegs op grond van vorige waarnemings van inflasie en was gevoldiglik nie in staat om die draaipunkt in die inflasiekoers gedurende 1993 te voorspel nie.

In tabelle 6 en 7 word vooruitskattings verstrek van die inflasiekoers, gegrond op twee weergawes van die rasioneleverwagtingsmodel. Aan die hand van die vooruitskattingsakkuraatheid van die inflasieverwagtings, is die resultate van albei weergawes van die rasioneleverwagtingsmodel aansienlik beter as die ander hipoteses wat slegs op historiese inflasiekoerse gegrond is. In tabel 6 word 'n rasioneleverwagtingsmodel gebruik wat die owerheid se tekort voor lenings as 'n veranderlike insluit wat fiskale beleid voorstel. Die resultate toon ook

**Tabel 7**  
**Vooruitskattings gegrond op die rasioneleverwagtingsmodel sonder fiskale beleid**

Waargenome waarde	Vooruit-skattung	Persentasie-fout
1992 kw1	16,95	16,0
1992 kw2	16,37	15,3
1992 kw3	15,66	14,7
1992 kw4	15,71	14,1
1993 kw1	12,71	13,4
1993 kw2	11,14	12,7
1993 kw3	10,48	12,2
1993 kw4	8,21	11,5
Gemiddelde absolute persentasiefout		13,0

'n merkbare oorskatting van die inflasiekoers vir 1993, wat aandui dat die waargenome laer inflasiekoers teweeggebring is ondanks 'n groot toename in die owerheid se tekort voor lenings en skuldterugbetaling. 'n Herskatting van hierdie vergelyking oor 'n korter steekproefydperk, met inbegrip van die jongste waarnemings, het die vooruitskattingsfout verminder omdat die koëffisiënt van die begrotingstekort merkbaar kleiner was as die een wat oor 'n langer tydperk bereken is.

Die beste vooruitskattingsresultate is egter verkry met die rasioneleverwagtingsmodel waarin die uitwerking van fiskale beleid op inflasieverwagtings nie in aanmerking geneem is nie (sien tabel 7). Die feit dat ander beleidsveranderlikes saam met die historiese inflasiekoerse by hierdie model ingesluit is, het die model in staat gestel om die afname in die werklike inflasiekoers gedurende 1993 te voorspel. Dit kom voor asof hierdie verbeterde vooruitskattingsakkuraatheid bevestig dat fiskale beleid nie ten volle deur ekonomiese besluitnemers in ag geneem is toe hulle verwagtings oor die toekomstige veranderings in die totale prysvlak gevorm het nie. Die uitwerking mag egter anders wees in die geval van 'n voortgesette toename in die tekort van die openbare sektor.

Die ARIMA-model beskryf inflasieverwagtings as 'n bewegende gemiddelde van die historiese waardes van die waargenome inflasiekoers (sien tabel 8). Soos in die geval van die ander hipoteses wat ook inflasieverwagtings verstaan op grond van die waargenome inflasiekoerse van die verlede, oorskot dit inflasie gedurende 1993 duidelik en was dit nie in staat om die afname in die inflasiekoers te voorspel nie.

Uit hierdie resultate blyk dit dat die meeste van die hipoteses nie daarin kon slaag om die afname in die inflasiekoers gedurende 1993 te voorspel nie. Dit kan onder andere daarvan toegeskryf word dat die vooruitskattings op 'n dinamiese wyse uitgevoer is. Die gesloerde waarde van die vooruitskattings en nie die waargenome

**Tabel 6**  
**Vooruitskattings gegrond op die rasioneleverwagtingsmodel met fiskale beleid ingesluit**

Waargenome waarde	Vooruit-skattung	Persentasie-fout
1992 kw1	16,95	16,1
1992 kw2	16,37	15,6
1992 kw3	15,66	15,1
1992 kw4	15,71	14,7
1993 kw1	12,71	14,3
1993 kw2	11,14	13,8
1993 kw3	10,48	13,5
1993 kw4	8,21	13,3
Gemiddelde absolute persentasiefout		18,4

**Tabel 8**  
**Vooruitskattings gegrond op die ARIMA-model**

	Waargenome waarde	Vooruit- skatting	Persentasie- fout
1992 kw1	16,95	16,5	-2,7
1992 kw2	16,37	16,8	2,6
1992 kw3	15,66	16,7	6,6
1992 kw4	15,71	16,6	5,7
1993 kw1	12,71	16,8	32,2
1993 kw2	11,14	16,9	51,7
1993 kw3	10,48	17,0	62,2
1993 kw4	8,21	17,1	108,3
Gemiddelde absolute persentasiefout		34,0	

gegewens van die voorafgaande tydperk nie, is met die uitvoer van die dinamiese simulasies gebruik. Dit beklemtoon in 'n mate die nadeel daarvan verbonde om 'n veranderlike deur slegs sy waardes in die voorafgaande tydperke te verklaar, omdat geen regstellings gemaak word wanneer die spesifieke veranderlike oor- of onderskat word nie. Aan die hand van hierdie resultate is dit ook duidelik dat die rationeleverwagtingsmodel (sonder die owerheid se begrotingstekort) beter gevaaar het as die ander hipoteses in soverre dit die vooruitskattingsakkuraatheid van inflasieverwagtings betref.

## 5. Gevolgtrekking

Die inflasieverwagtings van besluitnemers word bepaal deur die waargenome inflasiekoste in die verlede en die optrede van beleidmakers. Die resultate wat in hierdie artikel verstrek word, toon taamlik duidelik aan dat verwagtings wat op 'n rationele wyse gevorm word deur noukeurig die voornemens van die beleidmakers in ag te neem, neig om meer in die kol te wees as dié wat slegs op historiese inflasiekosteneigings gegrond is. Eersgenoemde metode word gevolglik toegepas in die Reserwebank se ekonomiese model om inflasieverwagtings in berekening te bring.

Wanneer sukses duidelik met die afname van waargenome inflasie behaal word, word die aanpassing van verwagtings in reaksie op beleidsveranderings versterk. Dit bevestig weer eens die belangrikheid van die konsekwente toepassing van monetêre beleidsmaatreëls om 'n hoër mate van prysstabiliteit te verkry. Indien beleidsmaatreëls op 'n reëlmaterige wyse toegepas word, sal dit as geloofwaardig beskou word en sal dit inflasieverwagtings in die verlangde rigting beïnvloed. Daarteenoor is dit onwaarskynlik dat beleidsmaatreëls wat nie op 'n konsekwente wyse toegepas word nie, enige afname in verwagtings sal meebring, aangesien dit

met agterdog bejeeën kan word. Sulke maatreëls mag selfs die teenoorgestelde reaksie by die private sektor ontlok as dit wat die beleidmakers in die openbare sektor beoog het.

## Verwysings

- De Jager, B.L.: "Wages, expectations and inflation.", *Departementele Memorandum*, no. 9, Suid-Afrikaanse Reserwebank, April 1991.  
 Lahiri, K.: *The Econometrics of Inflationary Expectations*, Noord-Holland, 1981.  
 Laidler, D.E. en Parkin, M.J.: "Inflation: A Survey", *Economic Journal*, Desember 1975.  
 Santimero, A.M. en Seater, J.J.: "The Inflation-Unemployment Trade-off: A critique of the literature.", *Journal of Economic Literature*, Junie 1978.  
 Wachtel, P.: *Macro Economics: From Theory to Practice*, McGraw-Hill International Editions, 1989.  
 Wykoff, F.C.: *Macro Economics: Theory, Evidence and Policy*, Prentice Hall, 1981.

# Notas tot tabelle

## Openbare finansies – tabel S-68

In hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* is tabel S-68 hersien deur die inligting wat vroeër onder die twee aparte opskrifte "openbare korporasies" en "sentrale owerheidsondernemings" was, onder een opskrif, naamlik "openbare korporasies en sentrale owerheidsondernemings" te kombineer. Hierdie verandering was noodsaaklik om gebruikers te voorsien van 'n reeks wat oor tyd vergelykbaar is, omdat sekere sentrale owerheidsondernemings as openbare korporasies herklassifiseer is. Transnet is van die begin van 1990 af en Telkom en Sapos van die begin van 1992 af as openbare korporasies herklassifiseer.

## Buitelandse laste en bates – tabelle S-78 tot S-83

Die tabelle wat gegewens ten opsigte van die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika aantoon, is ook verander om inligting van sekere geselekteerde lande in te sluit. Voorheen is gegewens slegs vir groepes lande voorsien. Die publikasie van addisionele besonderhede ten opsigte van sekere lande het nou moontlik geword as gevolg van die opheffing van sanksies teen Suid-Afrika. In tabelle S-78 en S-79 word inligting met betrekking tot die totale buitelandse laste en bates van Suid-Afrika van 1986 tot 1992 voorsien. Gegewens van Suid-Afrika se buitelandse laste teenoor die geselekteerde lande word in tabelle S-80 tot S-82 aangetoon. Die buitelandse bates van Suid-Afrika in geselekteerde lande word in tabel S-83 aangetoon.

## Nasionale rekeninge – tabelle S-91 tot S-113

'n Volledige bespreking van die omvattende hersienings wat aan die gegewens met betrekking tot die nasionale rekeninge, soos aangebied in die tabelle S-91 tot S-113, aangebring is, verskyn in 'n spesiale bylaag tot hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad*.